

Die oorsprong van die (Hollands-)Afrikaanse joernalistiek, die tydsgewrig, en Abraham Faure as pionier

Lizette Rabe

Lizette Rabe, Departement Joernalistiek, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Hierdie artikel het ten doel om die oorsprong van die (Hollands-)Afrikaanse joernalistiek, die tydsgewrig waarin dit ontstaan het, en Abraham Faure (1795–1875) as eerste redakteur van ’n eerste Hollands-Afrikaanse publikasie te beskryf. Die artikel gebruik as formaat ’n chronologiese mediageskiedkundige narratief om die verloop en ontwikkeling van dié era in die Suid-Afrikaanse mediageskiedenis te karteer. Binne die veld van die mediageskiedenis word die teoretiese vertrekpunt en metode met mekaar vervleg om die ontstaansgeskiedenis van die Hollandse joernalistiek, wat later die Afrikaanse joernalistiek sou word, te ondersoek. ’n Oorsigtelike konteks van die Kaap van sy tyd vanaf die VOC-besetting word eerstens aangebied. Die Brits-koloniale tydperk, waarin Nederlands aktief deur Engels vervang moes word, word beskryf, asook die aanbreek van persvryheid wat ’n onbedoelde gevolg gehad het, naamlik dat Nederlandse publikasies vir die eerste keer vrylik gepubliseer kon word. Daarop volg ’n lewenskets van Faure wat die omvang van sy werk en statuur aan die Kaap beskryf, waarna die ontstaan en ontwikkeling van die eerste Hollandse publikasie, naamlik *Het Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* (HNZAT), beskryf word. Dié deel van hierdie artikel fokus op Faure se rol as pionier wat betref die ontstaan van die vroeë (Afrikaanse) joernalistiek. Faure was ook die stigter van die kerkblad *De Honigbij*, voorloper van *D(i)e (Gereformeerde) Kerkbode*, ook deur hom gestig, die oudste publikasie wat steeds gepubliseer word. Die joernalistieke ontwikkeling wat op HNZAT gevolg het, word ook ten slotte kortliks belig. Danksy die veelsydige Faure is die grondslag gelê vir wat later die Hollands-Afrikaanse joernalistiek aan die Kaap sou word.

Trefwoorde: Abraham Faure; joernalistiek; koloniale Kaap; literatuur; mediageskiedenis; persvryheid; tydskrifstudie

Abstract

The origins of (Dutch) Afrikaans journalism, the period in which it developed, and Abraham Faure as pioneer

This article investigates the origins of (Dutch) Afrikaans journalism, the period in which it originated, and Abraham Faure (1795–1875), as the first editor of a first Dutch publication at the Cape. As approach, the article uses a chronological media historical narrative to map the course and development of this era in South African media history. A general context of the colonial Cape, from the VOC occupation, is first presented. The British colonial period, in which Dutch was actively displaced by English, is described, as well as the advent of press freedom, which had an unintended consequence, namely that Dutch publications could be published freely for the first time. This is followed by a life sketch of Faure, describing the scope of his work, as well as his stature at the Cape, after which the origin and development of the first Dutch publication, namely *Het Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* (HNZAT), is described. This part of the article focuses on Faure’s role as pioneer in the origin and development of early (Afrikaans) journalism. Faure was also the founder of the religious magazine *De Honigbij*, forerunner of *D(i)e (Gereformeerde) Kerkbode*, also founded by him, the oldest extant publication. The journalistic development that followed HNZAT is also briefly highlighted. Thanks to the versatile Faure, the foundation was laid for what would later become Dutch (Afrikaans) journalism at the Cape.

Faure can be described as pioneer journalist in Dutch (and thus later Afrikaans) journalism at the Cape in the early 19th century as founding editor of HNZAT as well as the two later religious magazines. As an avid writer/publisher of various other printed products, such as tracts and pamphlets, as well as pursuer of many other intellectual activities, including the founding of a comprehensive library, he was later even called the “father of South African literature”, by which Afrikaans literature was probably meant.

A brief discussion of the theoretical approach and methodology for this article is presented within the field of media history, in which the context of the social climate at the Cape up to the early 1800s is discussed. This includes the struggle for press freedom.

Historical studies aim to reproduce the past through a chronology of events. The power of narrative analysis lies in the fact that the researcher helps to rebuild a past thanks to narrative techniques, while at the same time shedding light on the change processes within an organisation, or, in this case, a specific period. In the case of media history, the field is still described as a relatively “recent phenomenon” and an “understudied subdiscipline”. This is also because it does not “have a significant impact on the agenda of conference programmes, academic journal articles, or student curricula”. Since the first independent Dutch publication at the Cape was a “magazine” (although not according to the concept and format as is known today), it is appropriate to refer to the fact that magazine studies is also an understudied subfield in South Africa. Magazines originated in America, a so-called “new world”, due to a shortage of books – hence the word “magazine”, derived from a magazine that stores weapons – although, in this case, information. Regarding this article’s focus, one of Faure’s goals was indeed to provide the Dutch-speaking community with information, as the community was in desperate need of such information because there was no existing literature.

As for the development of publications at the early Cape, there was no press freedom during the VOC occupation from 1652 to 1795, and then again from 1803 to 1806, as there was indeed no press. The VOC feared that freedom of the press could lead to a revolution. In the subsequent first part of the British colonial occupation, until about 1830, there was also no freedom of the press, after which limited press freedom prevailed.

It was during this period that the Dutch Reformed (DR) minister Dr Abraham Faure was the founder of the first Cape Dutch magazine, and thus, indeed, Dutch, later Afrikaans, journalism, when he founded HNZAT in 1824 with Thomas Pringle's English version. It is regarded as "interesting" that Pringle's partner in his fight for an independent press was not the press pioneer John Fairbairn, but a Dutch (Afrikaner) minister. The founding of these two magazines, as a seemingly harmless step, would develop into an "acrimonious press battle with overtones of spying, conspiracy and intrigue which rocked the staid Cape society". Both Pringle and Faure argued that there was "a very strong sentiment" that colonists should have their own publication, even if it was only a literary and religious magazine.

But first back to the events leading up to the events described above. The occupation of the Cape in 1652 by the VOC's *Here XVII* was purely for trade reasons, namely to supply their passing fleets with fresh produce. No provision was made for "extra" services, such as providing information to the growing number of Dutch colonists – apart from official information that was copied by hand, and of which the citizens had to take note. During the Dutch occupation of about 150 years, there was no news publication at the Cape. When the first generation was born at the Cape, it inevitably made them "Africans", with Europe "a distant abstraction". They soon called themselves an "original nation", "Africanders" or "Africaners" – a group from Africa, formed by Africa, with blood of Africa. The "independent nature" of this mixed-race group was also clear from early on. Cape burghers had to read newspapers and magazines brought to the Cape by boat.

The individual who can be considered a pioneer fighter for freedom of speech, Adam Tas, pointed out corrupt activities by VOC officials. After being thrown in the "Black Hole", the underground "prison" in the Castle, he was released in 1707 and the officials were recalled to Amsterdam. More than 50 years after the first Dutch occupation, Tas was thus the first exponent of the concept of freedom of expression in what would later become the geopolitical area of South Africa.

About half a century later, it was clear that freedom of speech could not be suppressed, as seen in Hendrik Cloete's "Caabsche Nouvelles", sent to the Netherlands. The movement called the "Kaapssche Patriotte" also tried to secure more rights for the Cape burghers but did not succeed.

The first printing press in operation in the Cape came into existence when in 1793 the Political Council decided on a "Government press" with the German Johann Christian Ritter (1755–1810) as first printer. He could only print brochures, advertisements and almanacs for the years 1795, 1796 and 1797. Ritter is also regarded as the father of printing in the whole of the Southern Hemisphere. The title page of the almanac of 1796 is the oldest example of printing in South Africa. In 1800, after the first British annexation, the first "newspaper", as a government publication, was founded by two of the then governor's friends.

After the second British occupation in 1806 the paper continued as *The Cape of Good Hope Government Gazette*. In 1822 the then governor Lord Charles Somerset issued a proclamation

prohibiting freedom of speech. He also declared English the only official language. About a year later, in February 1823, Pringle and Faure submitted a prospectus for a monthly magazine to Somerset, while in July the same year, George Greig applied to publish a newspaper – both not welcomed by Somerset.

With regard to the magazine, permission to publish was eventually granted. The first English version was published in March 1824, with the Dutch version that April. Somerset interfered in the publishing of the English version, leading to its stoppage, although the Dutch version could carry on publishing. This was the first official battle between a publication and a South African government. It would continue for the next five years. The victory for freedom of the press would only be officially declared on 30 April 1829, in the so-called “Magna Carta for Freedom of the Press”, Ordinance 60 of the Cape of Good Hope.

Although Faure did not take an active part in the press struggle, it was probably influenced by the “whirlwind presence and fierce enthusiasm” of the “stubby”, dynamic Faure, also described as “bustling”.

Faure was apparently the right person at the right time in the right place. Several sources described him as a Renaissance man who, although small in stature, was a larger-than-life figure. He decided at age 16 to enter the ministry. Faure studied in England and the Netherlands and came back with the inspiration of also using the printed word to communicate with his flock. After being appointed as pastor of the Grootte Kerk in 1822 he soon became one of the leading intellectual figures at the Cape. He possessed an “almost impressive dignity” and was “tirelessly instrumental” in all his activities, from founding the first full-fledged school for young men at the Cape, which later became the South African College School (SACS) and the University of Cape Town, to founding a theological college in Stellenbosch, as well as a library of note. Despite being sickly for long periods, sometimes up to four months, he was maniacally active in between, from founding the Synod, to founding Sunday Schools – and three magazines.

As ecclesiastical and educational leader, he was in the right position to become editor of HNZAT, the latter as exponent of Dutch culture at the Cape. It is not surprising that a versatile man like Faure was also the founder of the Dutch press. He proved early in his career that he was also highly gifted in journalism. As editor of the three magazines he founded, Faure was active for 45 years, from 1824 to 1869, with an influence that was without question of great significance. He was even called the “father of South African literature” because he made the first organised effort to promote literature in the country. His writing was mainly religious-ethical and historical, showcasing why he was regarded as a leader in the Church’s struggle for the preservation of the culture of the Dutch-speaking colonists.

While he had a dream from early on of a church printing press, he was far ahead of his contemporaries with this “beautiful vision”, as there was no literary magazine in the colony yet. He “immediately found an enthusiastic partner” in Pringle, then Cape Town’s assistant librarian. For Faure, the focus was also to support “literature and science”. Besides religious content, the magazine had cultural-historical focuses, especially in the light of the anglicisation of the Dutch-speaking colonists. He invited “poems and articles” from readers, to encourage and support original work. A regular column was “Zuid-Afrikaanssche Kronijk” with general news from the Colony, and later also news of the Great Trek. In general, the magazine carried articles on the history of the Dutch colonists, being the first to focus on the Cape’s political, religious, artistic and social life.

Apart from his editorial duties, he was also the most important contributor to the publication's content, which meant that HNZAT is "the greatest literary legacy we have of him", giving him the honorary title he received in later years, namely "father of South African literature" – "worthy in all respects", as his work was the "first successful push for the practice of literature in South Africa".

Faure also received "a large number of requests" to publish a church magazine. In 1838 he founded *De Honigbij* as religious publication, the forerunner of *De Gereformeerde Kerkbode*, later *De Kerkbode* (today only *Kerkbode*) first published in 1849. These activities required all of Faure's attention, and HNZAT was edited by Dr. A.N.E. Changuion. It existed until 1843, after which it was revived in 1877, at the beginning of the First Afrikaans Language Movement, under the editorship of J.H. Hofmeyr.

HNZAT laid the foundation for many other Dutch (later early Afrikaans) publications, such as *De Verzamelaar* in 1826 and *De Zuid-Afrikaan* in 1830, and also gave opportunities for a variety of journalists. These consisted of the "medley" of nationalities which found themselves at the Cape, such as Josephus Suasso de Lima, a Dutch-Portuguese Jew with a physical defect called kyphosis (hunchback), and Charles Etienne Boniface, a "quarrelsome" Paris-born Frenchman, also a musicologist and playwright. Although De Lima and Boniface initially collaborated, an antagonism "erupted" between them that "entertained the Cape for a long time".

This article's aim was to shed light on the origins of the Dutch (Afrikaans) press at the Cape, the struggle for freedom of speech, and specifically the role of Abraham Faure. As a central figure, and despite his illness that left him sometimes incapacitated for months, he was an astonishingly versatile and productive human being. Although he was instrumental in establishing the structure of the early DR Church, including his gigantic educational and literary-cultural role, it is his legacy as founding editor of HNZAT that was the focus of this article. While building a chronological media historical narrative, this article described Faure and his pioneering work that laid the foundation for the development of the Dutch (Afrikaans) journalism.

Keywords: colonial Cape; Abraham Faure; freedom of the press; journalism; literature; magazine studies; media history

1. Inleiding

Hierdie artikel karteer die ontwikkeling en oorsprong van die (Hollands-)Afrikaanse joernalistiek, die tydsgewrig waarin dit ontstaan het, en Abraham Faure (1795–1875) as eerste redakteur van 'n eerste Hollands-Afrikaanse publikasie. Faure kan beskryf word as pionier-joernalis in die Hollandse (en dus later Afrikaanse) joernalistiek aan die Kaap in die vroeë 19de eeu as stigter-redakteur van die eerste Hollandse tydskrif aan die Kaap, *Het Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* (HNZAT), asook stigter van wat vandag die oudste publikasie in Afrikaans is, naamlik *D(i)e (Gereformeerde) Kerkbode*. As ywerige skrywer/uitgewer van verskeie ander drukprodukte soos traktate, asook beoefenaar van vele ander intellektuele aktiwiteite, is hy later die "vader van die Suid-Afrikaanse literatuur" genoem [waarmee waarskynlik die Afrikaanse literatuur bedoel is] (Bosman 1930:9; South African History Online s.j.).

Die artikel bestudeer vanuit 'n (media)geskiedkundige oogpunt die Hollandse en Britse koloniale era, asook die persona Faure en die stigting van spesifiek die tydskrif HNZAT in 1824, wat as die voorloper van Hollands-Afrikaanse publikasies aan die Kaap gesien kan word.

Eerstens word 'n bespreking van die teoretiese benadering en metodologie vir hierdie artikel binne die veld van die mediageskiedenis aangebied, waarna die konteks van die sosiaal-maatskaplike klimaat aan die Kaap tot met die vroeë 1800's bespreek word. Dit sluit die stryd om persvryheid in. Laasgenoemde se onbedoelde gevolg was dat Hollandse publikasies daarna ook vir die eerste keer vrylik kon verskyn, wat beteken het die aktiewe onderdrukking van Nederlands kon daarmee teengewerk word. Daarop volg 'n lewenskets van Faure en die ontstaan en ontwikkeling van die eerste Hollandse publikasie onder sy leiding aan die Kaap.

Vervolgens word 'n bondige oorsig oor die teoretiese benadering en metode van ondersoek gegee as konteks vir geskiedskrywing, in hierdie geval, mediageskiedskrywing.

2. Benadering en metode

Volgens Mouton (2001:170) probeer geskiedkundige studies die verlede deur 'n chronologie van gebeurtenisse weergee. Die krag van 'n narratiewe ontleding lê daarin dat die navorser help om 'n verlede te herbou danksy narratiewe tegnieke, terwyl dit terselfdertyd lig werp op die veranderingsprosesse binne 'n organisasie, of, in hierdie geval, 'n tydvak.

Mouton (2001:171) wys ook die beperkings van hierdie benadering uit, wat insluit beperkings wat deur databronne veroorsaak word (hoofsaaklik sekondêre bronne), die oordeel van die navorser, asook verskillende teoretiese benaderings wat mekaar kan weerspreek. Die hoof-oorsaake van foute kan insluit: (on)egtheid van dokumente, (on)akkuraatheid van interpretasie, en subjektiewe vooroordeel.

Volgens Du Plooy (2009:108) help geskiedkundige navorsing die navorser om bestaande data te versamel, te verwerk, of te ontleed – in hierdie geval die koloniale era, persvryheid, en die lewe en werk van Abraham Faure, spesifiek sy werk as proto-joernalis.

Die Duitse filosoof Precht (2017:10) skryf dat geskiedskrywing geen wetenskap is wat “ysere vasgelegde reëls” volg nie.¹ Net so min, meen hy, is dit die teenoorgestelde, naamlik 'n “kuns”. Dit kan ook nie 'n tussengrond wees nie, naamlik dat dit 'n “potpourri van menings” is. Inderdaad, skryf hy, selfs net wat geskiedenis behóórt te wees, is reeds 'n filosofiese vraag. Daarom is dit uiteraard ook subjektief, want nie net lê daar tussen een beskouing en 'n volgende verskillende tydperke nie, maar ook verskillende wêreldes. In hierdie geval kyk hierdie navorser vanuit die postmoderne 2020's na die koloniale tydperk, wat vanselfsprekend 'n sekere subjektiwiteit verteenwoordig, soos ook blyk uit Carr (1961) se nou klassieke Cambridge-lesingreeks “Wat is geskiedenis?”. Volgens Carr weerspieël geskiedskrywing altyd, “bewustelik of onbewustelik”, die vraesteller se eie posisie in die tyd, wat weer deel vorm van 'n breër vraag oor 'n spesifieke samelewing (Carr 1961:2). Furet (1983:403–4) voeg daaraan toe dat geskiedskrywers “gereeld gewaarsku [moet] word – sonder dat hulle die waarskuwing ernstig opneem – dat daar nie so iets soos 'n ‘suiwer’ feit is nie”. Vir Furet is “historiese feite 'n intellektuele besluit”. Inderdaad, soos wat die voormalige *warden* van Oxford se St. Anthony's College en professor in geskiedenis aan die Universiteit van Toronto, Margaret Macmillan, in

die Salzburg Global Seminar se jaarlikse Palliser-lesing gevra het: “Should history carry a health warning?” (Palliser Lecture 2020).

Die bekende Rankiaanse diktum, naamlik dat geskiedskrywing as boekstaving van die verlede slegs maar ’n gedeeltelike “gewese werklikheid” kan weergee, is ook ter sprake. Die wese van geskiedskrywing is vervat in die werk van, onder vele, Verbeeck (2000), Brown (2003), Berger (2011) en Woolf (2011). Vir Verbeeck (2000:387) kan geskiedskrywing byvoorbeeld ook geïnterpreteer word as ’n “teenwoordige verlede”. Geskiedskrywing as betwiste “werklikheid” is byvoorbeeld ook weer bewys deur die twisgesprekke rondom die boek *The lie of 1652* (Mellet 2020). Ter sake is ook die uitdrukking van die Britse geskiedkundige Christopher Hill (1972): “History has to be rewritten in every generation because although the past does not change, the present does.”

Vir ’n geskiedkundige narratief, as ’n mediageskiedkundige projek, word die kwalitatiewe navorsingsmetode gevolg waarvolgens die navorser in hierdie geval hoofsaaklik sekondêre bronne vir dataversameling gebruik om ’n “kritiese kontekstuele skakel” te bou (Lundy 2008:395). Lundy (2008:396) beklemtoon dat die geskiedkundige metode meer is as die versameling van data en die verslag daarvan omdat dit “teoretiese en holistiese gevolgtrekkings oor historiese gebeure en eras” probeer verskaf. Terwyl dit onmoontlik is om elke aspek van ’n geskiedenis weer te gee, word geprobeer om deur die versameling, samevoeging en interpretasie van “fragmente” uit sekondêre bronne ’n geheelbeeld te bou (Scannell 2002:201) – in hierdie geval van ’n mediageskiedkundige onderwerp.

Wat betref die mediageskiedenis as fokusgebied in mediastudie in die algemeen, word die veld as ’n relatief “onlangse fenomeen” beskryf (Sonderling 1995:87). Wigston (2007:5) bevestig meer as 10 jaar later dat dit (steeds) ’n onderbestudeerde subdissipline binne die veld van die media- en joernalistiekstudie is. Hierby kan Conboy (2012:1) se mening gevoeg word, naamlik dat mediageskiedenis een van die mees vrugbare, maar onontginde subvelde van die joernalistiekstudie is. Dié gaping in die veld word beklemtoon deur Teer-Tomaselli (2014:875) wat skryf dat mediageskiedenis ’n “relatief nuwe veld in mediastudies wêreldwyd” is aangesien dit nie “’n beduidende impak op die agenda van konferensieprogramme, akademiese joernaal-artikels of studente-leerplanne” het nie. McCracken (2018:45–6) beklemtoon dat die status van mediageskiedenis “minder gedefinieerd” is en, synde ’n “relatief nuwe dissipline”, meen hy dit het “gespaar gebly van baie opvoedkundige [akademiese] bagasie”.

’n Uitvoerige bespreking van die aard en problematiek van mediageskiedskrywing binne die sosiale wetenskappe en die humaniora, en dus kritiese of positivistiese benaderings, is deur Rabe (2014) uiteengesit. Hierdie navorser onderskryf ook Fourie (2007:145) se stelling dat kritiese en positivistiese vertrekpunte die “twee groot teorieë is waaruit alle massakommunikasienavorsing ontwikkel het”. Geskiedskrywing is in wese ’n kombinasie van die twee, as ’t ware ’n “samesmelting” van die twee paradigmas, met positivistiese navorsing wat aangevul word met kritiese vertolkings en waardebeoordeling, en kritiese navorsing wat bevindings met empiriese bewyse staaf.

Aangesien die eerste onafhanklike Hollandse publikasie aan die Kaap ’n “tydskrif” was, hoewel uiteraard nie volgens die konsep en formaat soos dit vandag bekend is nie, is dit gepas om kortliks iets oor tydskrifstudie as veld te sê. In sy geheel is ook dít ’n onderbestudeerde subveld in die Suid-Afrikaanse mediastudie. Onder magisterstudies tel dié van Rabe (1985), en meer onlangs, dié van Townsend (2004), Rossouw (2005), Nanny (2007), De Villiers (2009), Ekron

(2010) en Van der Linde (2010). As joernaalartikels het Laden (2001; 2015), Odiambo (2008) en Rabe (2016; 2019) oor verbruikerstydskrifte geskryf. Een van die oudste magisterstudies oor tydskrifte is dié van Schoombee (1924) oor *Huisgenoot*, sowat agt jaar ná die blad se stigting.² ’n Onlangse seminale studie wat die veld as geheel verryk, is die doktorsale proefskrif van Rossouw (2021).

Tydskrifte het in Amerika as sogenaamde “nuwe wêreld” ontstaan weens ’n tekort aan boeke – vandaar “magazine”, afgelei van ’n magasyn wat wapens opberg, hoewel, in hierdie geval, inligting (Claassen 1998:119). Dit sal ook blyk dat dit een van die doelwitte van Faure was om leesstof te verskaf aan ’n Hollandssprekende gemeenskap wat ’n groot behoefte aan leesstof gehad het omdat daar geen bestaande literatuur was nie. Claassen skryf dat tydskrifte “bergplekke van verskeie literêre materiaal [is] wat saamgestel is uit boeke, pamflette en koerante en gebind is binne een omslag”. Johnson en Prijatel (2007:3), gereken as voorste hedendaagse tydskrifstudiekeners, skryf die woord “magazine” stam uit die Arabiese “makhazin”, wat ’n “emporium of bergplek van goedere” beteken. In 1731 egter het die *London Gentleman’s Magazine* se uitgewers in hul eerste uitgawe geskryf dit kom van die Franse “magasin”, wat “winkel” beteken (McKay 2002:6).

Wat betref die benadering tot die skryf van geskiedenis, en dus metode, skryf Sonderling (1995:90) geskiedenis is “meer as ’n stel menslike rolspelers, aktiwiteite en gebeurtenisse wat op (a) ’n spesifieke plek en (b) ’n spesifieke tyd gebeur het”. Vir hom gaan dit ook oor die rekord van die verlede en dit wat mense “verkies het om oor hul wêreld te kommunikeer”. ’n Meer onlangse Suid-Afrikaanse definisie van geskiedskrywing beklemtoon dit as menswetenskap, dus deel van die humaniora, wat probeer om die “toeganklike neerslag, verslae en ontledings van gebeure in die verlede [te] ontgin” (De Villiers 2012a:198).

Ook Lundy (2008:396) beklemtoon dat die geskiedkundige metode meer is as slegs die versameling van data en die verslag waarin dit neergeskryf word, en dat dit “teoretiese en holistiese gevolgtrekkings oor historiese gebeure en eras” verskaf. Dit is uiteraard onmoontlik om elke aspek van die geskiedenis weer te gee, tog probeer geskiedkundiges “fragmente” versamel, saamvoeg en interpreteer (Scannell 2002:201).

Ander benaderings tot hierdie onderwerp sou ook interessante resultate oplewer, soos byvoorbeeld ’n inhoudsontleding van die eerste uitgawes van HNZAT, waarvan die navorser etlike afskrifte het (toeganklik in die Universiteit Stellenbosch se Dokumentesentrum). Die onderwerp van hierdie artikel leen hom ook tot ’n kritiese ontleding, of ’n diskoersontleding, wat sou kon lei tot insigryke bevindings rondom die ontwikkeling van die Afrikaanse en Engelse publikasies aan die Kaap en die latere dualiteit en tweespalt tussen hulle wat tot met demokratisering in 1994 gegeld het. Hierdie projek fokus egter op ’n geskiedkundige narratief rondom die tydsgewrig waarin die eerste eg-Hollandse publikasie ontwikkel het, sowel as die persoon Faure.

Data word gevind in primêre en sekondêre bronne (Sonderling 1995:90), met eersgenoemde bronne uit die historiese periode wat bestudeer word, byvoorbeeld oorspronklike dokumente, en laasgenoemde bronne wat verder verwyder is van die historiese gebeure wat bestudeer word, soos boeke en artikels oor die onderwerp. Primêre bronne kan ook bestaan uit wat die navorser self versamel het, of wat reeds bestaan, normaalweg in een van twee vorms, naamlik teksgebaseerde of numeriese inligting (Mouton 2001:69–71).

In hierdie artikel word spelwyses, ook puntuasie, aangebied volgens die aanhaling uit die oorspronklike bron. Aangesien die algemene verwysingsvorm vir die Kaapse koloniste “Hollandse” koloniste is, gebruik dié artikel ook dié beskrywing waar van toepassing.

Vervolgens word die sosiaal-politieke konteks aan die Kaap tot met die stigting van HNZAT beskryf. Ook die stryd om persvryheid, en hoe die oorwinning van persvryheid onbedoelde gevolge gehad het, word beskryf. Die feit dat die stryd om persvryheid in 1829 gewen is, het beteken dat ook Nederlandse publikasies makliker gestig kon word, wat daartoe gelei het dat Nederlands in geskrewe vorm kon gedy.

3. Sosiaal-politieke konteks

In een van die eerste omvattende studies van die Afrikaans(-Hollandse) persgeskiedenis word dit gestel dat die pers geen “alleenstaande instelling” is nie, en dat hy binne “die groot sosiale verband” funksioneer (Du Plessis 1943:i). Die pers, of in hedendaagse terminologie, die media, kan dus nie geïsoleer word nie, maar is deel van ’n groter geheel waarvan hy ’n onafskeidbare deel vorm. Dit kan ook gesien word in terme van die situasie aan die Kaap ná die eerste Westerse besetting vanaf 1652.

Wat betref die ontwikkeling van publikasies aan die vroeë Kaap was daar naamlik tydens die VOC-besetting van 1652 tot 1795, en toe weer van 1803 tot 1806, geen persvryheid nie – daar was inderdaad geen pers nie (Rabe 2020:35). Dit was omdat die VOC gevrees het dat persvryheid tot ’n revolusie kon lei (Claassen 1998:122). In die daaropvolgende eerste deel van die Britse koloniale besetting, tot ongeveer 1830, was daar ook geen persvryheid nie, waarna beperkte persvryheid gegeld het.

Dit was in hierdie tydperk dat die Nederduitse Gereformeerde (NG) predikant Abraham Faure die stigter was van die eerste Kaaps-Hollandse tydskrif, en, inderdaad, joernalistiek, toe hy in 1824 HNZAT saam met Thomas Pringle met ’n Engelse weergawe gestig het (Du Plessis 1943:8). Dit was ook Faure wat in 1849 *De Gereformeerde Kerkbode*, voorloper van *Die Kerkbode* (vandag slegs *Kerkbode*), die oudste bestaande nuusblad in Suid-Afrika, gestig het, met sy voorloper *De Honigbij*, die Kaap se eerste godsdienstige publikasie (De Kock 1982:33). De Kock meen dit is “interessant” dat Pringle se eerste vennoot in sy stryd om ’n onafhanklike pers nie John Fairbairn was nie, maar ’n “Afrikanerpredikant”. Die stigting van die twee tydskrifte as skynbaar onskadelike stap sou ontwikkel in ’n “acrimonious press battle with overtones of spying, conspiracy and intrigue which rocked the staid Cape society”.

Pringle en Faure het aangevoer dat daar “’n baie sterk sentiment” bestaan dat koloniste hul eie publikasie moes hê, selfs al was dit slegs ’n literêre en religieuse tydskrif (Du Plessis 1943:12). Terwyl hulle gewag het op toestemming vir hul tydskrif, en reeds vyf maande ná hul aanvanklike versoek aan goewerneur Lord Charles Somerset, het Pringle en Faure in Julie 1823 die Kommissie van Ondersoek wat uit Londen aangekom het om koloniste se klagte teen die Kaapse regering te ondersoek, genader (De Kock 1982:39–40). Hulle is meegedeel dat die kommissie nie kon ingryp nie. Nadat Pringle en Faure wel “wrokkige” toestemming vir hul tydskrif gekry het, het sake “vinnig ontwikkel” (De Kock 1982:41–3). Die (Kaaps-)Hollandse publikasies wat hierop gevolg het, was die eerste mondstukke vir die Hollandse, later Afrikaanssprekende, burgers.

Maar eers terug na die gebeure ten aanloop van die bostaande konteks. Die besetting van die Kaap in 1652 deur die VOC se Here XVII was suiwer om handelsredes, naamlik om die verbyvarende skepe van varsprodukte te voorsien (Rabe 2020:35–6). Daar is nie deur die kommandeur/later goewerneur voorsiening gemaak vir “ekstra” dienste soos om aan die groeiende aantal Hollandse koloniste inligting te verskaf nie, buiten amptelike inligting wat per hand gekopieer is, en waarvan die burgers moes kennis neem. Tydens die Hollandse besetting van sowat 150 jaar was daar geen nuuspublikasie aan die Kaap nie. Toe die eerste generasie aan die Kaap gebore is, het dit onvermydelik van hulle “Afrikaanders” gemaak, met Europa “’n verre abstraksie”. Die stelsel van Vryburgers is ingestel sodat varsprodukte aan die skepe gelewer kon word. Die Kompanjie se eie amptenare, wat nie mog handel dryf nie, het egter aan hulself voorkeur gegee, wat tot grootskaalse korrupsie gelei het.

Die Kompanjie het hom nie verplig gevoel om in enige ander behoeftes van die burgery in sy diens te voorsien nie, soos om onderwys te verskaf, met die gevolg dat kinders geen formele skoolopleiding gehad het nie. Die geskiedkundige George McCall Theal (soos aangehaal in Du Plessis 1943:1–2) het die Kaapse inwoners in hierdie tyd beskryf as ’n mengsel van Hollandse, Duitse en Franse koloniste, slawe en inheemse Khoi, en dat hul

mixture of blood had helped to wean the colonists from attachment to the parent state [...] [A]n individual living beyond the Cape Peninsula was cut off from communication with distant lands, and his children, knowing nothing of relatives abroad, did not concern themselves with the home of their ancestors. To this must be added the fact that many of them could not have written a letter if there had been a post with which to send it away.

Hulle het hulself gou ’n “oorspronklike nasie”, “Africaanders” of “Africaners” genoem – ’n groep van Afrika, gevorm deur Afrika, met bloed van Afrika (Giliomee en Mbenga 2007:71). Die “onafhanklike geaardheid” van hierdie gemengderasgroep was ook van vroeg duidelik (Thom 1937:13). Hul smagting na vryheid, insluitend selfregering, was volgens Thom te sien in ’n “smeekskrif” van so vroeg as 1656. Dit het oor ekonomiese onderdrukking as gevolg van die VOC se korrupsie gegaan. Hierdie “smeekskrif” kan beskou word as die eerste poging tot vryheid van uitdrukking aan die Kaap. Die Kaap het egter ook nie geloofsvryheid gehad nie (Rabe 1994:1–2). Die VOC-regering het gevrees dat die Duitse huursoldate in die Kaapse Garnisoen sou besef hulle is verreweg in die meerderheid en dat hulle die VOC-bewind kon omvergooi. Godsdienstvryheid is uiteindelik in 1780 toegestaan.

Onder goewerneur Simon van der Stel en sy opvolger, sy seun Willem Adriaan, het korrupsie in so ’n mate toegeneem dat dit tot die volgende poging tot vryheid van uitdrukking gelei het, naamlik dié van Adam Tas (Rabe 2020:36–7). Terwyl die Kaap nog steeds geen amptelike inligtingsblad van enige aard gehad het nie, moes Kapenaars wat kon lees, in koerante en tydskrifte wat per boot na die Kaap gebring is, verneem van die “omwentelinge van die Franse Revolusie en die Amerikaanse Onafhanklikheidsoorlog” (Claassen 1998:119).

Vanaf 1657 is die eerste burgers vrygestel van Kompanjediens onder die voorwaarde dat hul opbrengste aan die Kompanjie verskaf sou word. Mettertyd het VOC-amptenare egter ook grond bekom en uiteindelik die monopolie gevorm wat wyn, vleis, vis en koring aan opvarende skepe verskaf het (Giliomee en Mbenga 2007:61). Die individu wat as pioniervegter vir vryheid van spraak beskou kan word, Tas, het die korrupsie van die Kompanjie-amptenare uitgewys (Diederichs en De Beer 1998:87). Tas, ’n vryburger van Stellenbosch, het in 1706 in sy

“Kronieke”, onderteken deur mede-vryburgers, geprotesteer teen die korrupsie. Dit is via Batavia na die Here XVII in Amsterdam gestuur. Tas is in die Swart Gat, die ondergrondse “tronk” in die Kasteel, gegooi. Hy is in 1707 vrygelaat en W.A. van der Stel, asook die Stellenbosse landdros, Johannes Starrenburg, is teruggedroep na Amsterdam. Amptenare is verbied om verder met Kompanjieskepe handel te dryf. Die feesviering in 1707 voor die landdroskantoor op Stellenbosch het tot die nou bekende stelling van die jong Hendrik Biebouw, van gemengde afkoms, gelei, toe hy in die openbaar verklaar het: “Ik ben een Africaander”. Dit was minstens 80 jaar voordat die term algemeen gebruik is met verwysing na Afrikaners, die nuwe inheemse Afrikastam van gemengde afkoms wat as boorlinge van Afrika geïdentifiseer het (Rabe 2020:37–8).



Figuur 1. Die uitstalling in 2017 oor die Kaaps-Hollandse koloniale/slawegeeskiedenis, getitel “Goede Hoop”, in die Rijksmuseum in Amsterdam, met die woorde van Biebouw as deel van die uitstalling. Foto’s: Lizette Rabe

Meer as 50 jaar ná die eerste Hollandse besetting was Tas dus die eerste eksponent van die begrip *vryheid van uitdrukking* in wat later die geopolitieke gebied van Suid-Afrika sou word. Ná sy vrylating het hy sy plaas buite Stellenbosch “Libertas” genoem. Hoewel daar toe nog geen sprake van ’n pers aan die Kaap was nie, kan hy as die heel eerste aktivis vir vryheid van spraak beskou word, en het sy “Kronieke” inderdaad getoon die pen is magtiger as die swaard.

Gedurende hierdie tyd het 17de-eeuse Hollands gekreoliseer in Kaaps-Hollands, later in Hollands-Afrikaans, en later Afrikaans – benoem na Afrika, en as taal wat in die aarde van Afrika ontkiem en begin groei het, met die “kulturele middelpunt” van die taal meer as 10 000 km ver. Volgens die pionierleksikograaf D.B. Bosman was taalkundige veranderinge reeds binne die eerste 50 jaar ná die Hollandse besetting herkenbaar (Bosman 1923:18–41).

Ongeveer ’n halfeeu later was dit steeds duidelik dat vryheid van spraak nie onderdruk kon word nie, soos gesien in Hendrik Cloete se “Caabsche nouvelles” wat na Nederland gestuur is (Muller 1990:1). Dit het ook gelei tot die ontstaan van die “Kaapssche Patriotte”, ’n beweging wat in die 18de eeu ontstaan het en sy inspirasie geput het uit die Patriotbeweging in Nederland (Giliomee en Mbenga 2007:71). Die Kaapse groep is in 1778 gestig en het in 1787 ontbind nadat vooraanstaande burgers tevergeefs figuurlik gesproke swaarde gekruis het met die Kaapse regering rakend plaaslike verteenwoordiging en ekonomiese geleentheid. Ondanks die feit dat die Here XVII die Kaapse amptenary verbied het om van 1707 af kommersieel aktief te wees, was daar steeds onenigheid tussen burgers en amptenare en het laasgenoemde hul kommersiële aktiwiteite vernuftig weggesteek. Teen die 1770’s het die Kaapse Patriotte geëis dat hulle direkte verteenwoordiging in die plaaslike regering kry en dat sekere wetgewing verander word omdat individue na goedgevoel selfs gedeporteer kon word. Hoewel daar steeds geen pers aan die Kaap was nie, kan die totstandkoming van die Patriotbeweging as nog ’n poging tot vryheid van uitdrukking deur die inwoners van die Kaap beskou word.

Teen die einde van die 18de eeu is die Kaapse Afrikaner beskryf as iemand met ’n sterk sin vir vryheid wat teen die arbitrêre aksies van die plaaslike regering sou optree (Coetzee 1938:17). In die binneland was daar reeds aktivisme om eie republieke te vorm, soos dié van Swellendam. Die Afrikaners was trots op die naam “Afrikaan”, en “Kaapsch Burger” is beskou as ’n “grootse” titel.

Tot hierdie tydperk is alle joernale, briewe, wetgewing en proklamasies aan die Kaap met die hand oorgeskryf (Nienaber 1943:3). ’n Drukpers is steeds beskou as ’n “instrument van revolusie”. Die VOC het nie eens die Patriotte se versoek in 1779 as deel van hul “demokratiese ideaal” om ’n drukpers te kan invoer sodat wetgewing, regulasies en ander regeringskennisgewings daarop gedruk kon word, oorweeg nie. Sulke amptelike dokumente is in Nederland gedruk en per skip na die Kaap gebring, waar dit met die hand gekopieer is (Muller 1990:2). Dit het daartoe gelei dat Kaapse burgers briewe begin skryf het aan koerante in Nederland om hul besware te lug (Fourie 1994:291). Die twee blaai wat hul griewe gepubliseer het, was *Post van den Neder-Rhijn* en die *Zuid-Hollandsche Courant*.

Terwyl ’n pers of koerant steeds nie aan die Kaap toegelaat is nie, het ’n Kaapsgebore “revolusionêre oudonderwyser”, Johannes Henricus Redelinghuijs, aan die Kaap gedoop in 1756, wel die Kaap se eerste redakteur geword, hoewel in Nederland (Muller 1990:2). Hy het aanvanklik na Nederland gereis as verteenwoordiger van die klaers. In Amsterdam het hy redakteur van sowel die *Nationale Courant* as van die “partydige” Jakobynse *Oprechte*

Bataafsche Courant geword. Hy het homself 'n "Afrikaan" genoem en na die Kaap as sy vaderland verwys. Redelinghuijs het in Nederland aangebly waar hy in 1802 oorlede is.

Die Patriotte se eerste aansoek om 'n eie Kaapse pers, al was dit slegs bedoel vir die druk van amptelike dokumente, is finaal in 1783 afgekeur nadat dit in 1779 vir die eerste keer ingedien is (Du Plessis 1943:8). Hulle het weer in 1786 aansoek gedoen. Die toenmalige goewerneur, baron Joachim van Plettenberg, het dit ondersteun, selfs al is hy deur die burgers van ongeregtheid aangekla. Ook hierdie aansoek het egter misluk (Muller 1990:2).

Die volgende goewerneur, luitenant-kolonel C.J. van de Graaff, het egter self 'n drukpers versoek aangesien die Kompanjie toe reeds in sowel Batavia as Ceylon drukperse gehad het. Die Here XVII het laat blyk die saak is "onder oorweging". 'n Ander rede vir die huiwering in die vroeë 1790's was dat "ernstige besparingsmaatreëls" ingestel moes word. 'n Drukpers sou ekstra uitgawes verg.

In die tussentyd is globaal groot vooruitgang rakend vryheid van uitdrukking gemaak. Die grondslag hiervan was John Milton se *Aeropagitica* in 1644, beskou as die inspirasie vir die Verligting (Altschull 1990:36). Milton het die stelsel om alle publikasies in Brittanje te "lisensieer" gekritiseer en vryheid van die pers beskou as "the liberty to know, to utter and to argue freely according to conscience" (Yutar 1995:2). Dit het daartoe gelei dat talle lande wetgewing aanvaar het wat vryheid van spraak verskans het. Swede was die eerste, in 1766, gevolg deur Noorweë en Denemarke in 1770, met die Verenigde State se "First Amendment" van hul Grondwet in 1778 (The Constitution s.j.).

Intussen het die Kompanjie tog besluit om 'n eerste regeringsdrukker aan te stel nadat die Patriotte se versoek om 'n drukpers twee keer afgekeur is (Du Plessis 1943:8). In 1793 het die Politieke Raad op 'n "Gouvernement pers" besluit, met die Duitser Johann Christian Ritter (1755–1810) as die eerste drukkter.

Ritter het in 1784 in die Kaap aangekom en word beskou as die persoon wat die drukkuns nie net na Suid-Afrika gebring het nie, maar ook na die Suidelike Halfrond (Nienaber 1943:3). Hy was die seun van 'n boekbinder in Bayreuth, Duitsland, en is na die Kaap gebring as boekbinder in diens van die Kompanjie. Nog 'n Duitser, Valentin Alexis Schönberg (1751–1825), word beskou as die tweede drukkter aan die Kaap (Muller 1994:2). Ritter was 29 jaar oud toe hy as VOC-werknemer in die Kaap aangekom het (De Kock 1982:17–8). As tweede seun in 'n boekbinderfamilie sou hy nie die familie-onderneming erf nie, en het hy sy heil elders gesoek. Toe die VOC in 1792 gedwing is om weens kostebesnoeiings die aantal handkopieerders aan die Kaap te verminder, het die drukpers in 1794 gevolg. Ritter was die amptelike aangewese drukkter wat brosjures, advertensies en almanakke vir die jare 1795, 1796 en 1797 gedruk het. Die titelblad van die almanak van 1796 is die oudste voorbeeld van drukwerk in Suid-Afrika. Hoewel die oorsprong van die drukpers wat hy gebruik het steeds "in geheimenis gehul" is, het hy as boekbinder kennis van druktegniek gehad. Sommiges spekuleer dat hy self 'n elementêre pers gebou het, of dat hy 'n klein handpers van sy pa as afskeidsgeskenk gekry het. As boekbinder moes Ritter ook briewe en amptelike dokumente stempel terwyl hy ook as seëlgraveur in diens was. Sy werklading het so toegeneem dat hy, buiten 'n permanente assistent, ook twee tot drie tydelike assistente in diens moes neem – alles op eie koste. In 1795 het hy die Kompanjie genader om sy assistente se lone te betaal. Anders, het Ritter gesê, sal hy totaal geruïneer wees. Sy versoek was nie suksesvol nie.



Figuur 2. Die eerste drukwerk aan die Kaap: die voorblad van die 1796-almanak. Bron: Bosman, *Hollandse joernalistiek in Suid-Afrika*

Maar toe het die Britte die Kaap ingeneem en Ritter se toekomsplanne was in elk geval daarmee heen. Hy het egter met 'n Britse drukmeester, Harry Harwood Smith, wat saam met die Britte aangekom het, saamgewerk om as amptelike drukkers aangestel te word (Du Plessis 1929). Hulle was suksesvol, maar kon slegs staatsdokumente druk.

In 1800 het die Britse goewerneur Sir George Yonge 'n proklamasie uitgevaardig wat alle private drukwerk verbied het (Rabe 2020:41). Dit was omdat hy, saam met bevriende sakemanne, planne gehad het vir 'n eie staatskoerant om in daardie jaar gepubliseer te word. In 1803 het die Bataafse Republiek weer die Kaap oorgeneem. Hulle het die verbod voortgesit en Ritter was weer gelys as slegs 'n boekbinder. Hy het ook 'n winkel vir skryfbehoeftes gehad en was soms 'n agent vir boeke. Ritter het in 1810 gesterf. Sy droom om as drukker te werk, het nooit gerealiseer nie. 'n Jaar voor sy dood is die eerste drukkersvakleerling egter ingeskryf en "the foundations of a great industry laid". Dié vakleerling was Bernardus Josephus van de Sandt, wat in 1832 aangestel sou word as superintendent van die regering se drukkerij. Die ironie was dat dit hy was wat in die naam van die koloniale owerheid die handpers van Robert Godlonton, een van vier meesterdrukkers wat in 1820 saam met die Britse Setlaars sou aankom, gekonfiskeer het.

Hoewel Ritter "die man [is] wat die drukkuns in Suid-Afrika en die Suidelike Halfrond sou invoer" (Nienaber 1943:3), en hy slegs "almanakke, strooibiljette en advertensie-vlugskrifte" (Du Plessis 1943:8) kon druk, kry hy tog die eer dat hy die drukkuns aan die Kaap en in die Suidelike Halfrond gevestig het. Sy werk kan gesien word as die fondament vir die drukkersbedryf aan die Kaap, en later Suid-Afrika. Dit is waarskynlik ook indirek aan hom te danke dat die eerste vakbond, in wat later die geopolitieke gebied Suid-Afrika sou word, aan die Kaap gestig is. Die Drukkersunie was die eerste weergawe van dié unie, en is gevolg deur die Cape of Good Hope Printers' Protection Society in 1841, en later die Cape of Good Hope Printers' and Bookbinders' Society in 1857. 'n Aantal drukkersunies is in groter stede in Suid-Afrika gestig, en hulle het in 1898 geamalgameer om die Suid-Afrikaanse Tipografiese Unie (SATU) te vorm, in een stadium die mees effektiewe en bes-georganiseerde vakbond in die land (Visser 2012:482). SATU was uiteeraard 'n slagoffer van die 21ste eeu se digitale revolusie.

Maar terug na die laat 18de eeu. Hoewel teenstanders, het Ritter en Smith saamgewerk om as amptelike drukkers te kon werk (Du Plessis 1929). Hulle was suksesvol, maar mog net regeringsdokumente druk. Dit was die voorspel tot die volgende fase in die Kaap se stadige ontwikkeling van vryheid van uitdrukking, en uiteindelik persvryheid. Toe Ritter se drukpers

uiteindelik toegelaat is, was dit te laat vir die burgers om enige voordeel daaruit te kon kry, want die nuwe besetters, die Britte, het ook nie 'n vrye pers toegelaat nie.

Die koerant wat die goewerneur saam met sy twee sakevennote, twee “invloedryke handelaars”, ook slawehandelaars, sou uitgee, het beslag gekry in die maatskappy wat op 1 Februarie 1800 gestig is (Timeline s.j.). Hulle was Alexander Walker en John Robertson, wat met die seën van die goewerneur hul eie drukkerij begin het. Hulle het drie drukkers en 'n Hollandse vertaler in diens geneem. Ritter en Smith het beswaar gemaak, maar teen Julie 1800 is Walker en Robertson aangewys as die enigste regeringsdrukkers. 'n Boete en verbeurdverklaring van toerusting sou volg as enigiemand anders drukwerk doen (Du Plessis 1943:8; Nienaber 1943:6).

Hoewel die koloniste teen die korrupte Hollandse administrasie geprotesteer het, het dit nie beteken die Engelse was welkom met die eerste óf die tweede anneksasie in onderskeidelik 1795 en 1806 nie (Du Plessis 1943:6). In 1806, met die tweede besetting, het Engeland seker gemaak hy verloor nie weer die strategiese Kaap nie deurdat die Verdrag van Londen dit permanente Britse gebied sou maak.

Met die Britse besetting het dit ook beteken die Kaap sou verengels, hoewel die meerderheid inwoners Hollands was. Die streng Britse klassiestelsel sou ook omsit in 'n gelaagdheid bestaande uit “outokratiese regeerders, welvarende grondbesitters, ondernemende sakelui, vrye arbeiders, arm bywoners, gekontrakteerde werkers en slawe” (De Villiers 2012b:73). In hierdie streng hiërargie word die inheemse bevolking nie eens genoem nie. Hierdie klassiestelsel het bygedra tot 'n groeiende bewuswording van ras, nie net in terme van kleur nie, maar ook van die Hollanders as 'n aparte “ras” en minderwaardig teenoor die Britte.

4. Die stryd om persvryheid aan die Kaap

Aan die begin van die 19de eeu het 'n wêreldwye golf van liberalisme oor die Weste gespoel. Rousseau se “Contrat Social” vir vryheid, gelykheid en broederskap is in 1762 in Amsterdam gepubliseer, Brittanje se parlementêre stelsel is gevestig, en 'n nuwe orde het in Frankryk ontstaan danksy filosowe soos Rousseau, Voltaire en Montesquieu, met die koloniste wat in Amerika teen die Engelse in opstand gekom het (Du Plessis 1943:19). Dit het drie politieke revolusies tot gevolg gehad: die ontwikkeling van Britse grondwetlikheid, die Franse Revolusie, en die Amerikaanse Onafhanklikheidsoorlog. Liberalisme en demokrasie is “gebore”, met 'n vrye pers as integrale deel daarvan. Dit sou ook so uitspeel in die eerste dekades van die Britse besetting van die Kaap gedurende die vroeë 1800's.

Dit moet in gedagte gehou word dat die koloniste se “bloudruk” as 't ware gevorm is deur hul lande van herkoms: Die Hollandse koloniste het die stereotipe van “swartes as barbare”-houding gehad, tesame met die ingesteldheid van hul eeu se “teologie van Afrika en Gam”, en dus die feit dat Afrika 'n “gedienstige” kontinent sou wees (Fourie 1994:256–83). Die Britte, op hul beurt, het 'n rigiede klassiestelsel saam met hulle gebring wat as 'n streng klas- en rasgebaseerde samelewing uitgekristalliseer het.

Wat betref die ontwikkeling van die pers, en dus ook persvryheid, is die eerste koerant as *The Cape Town Gazette, and African Advertiser/Het Kaapsche Stads Courant, en Afrikaansche Berichter* op 16 Augustus 1800 deur Walker en Robertson gepubliseer, onder regeringsbeheer

(Du Plessis 1943:8; Nienaber 1943:6). Dit het weekliks verskyn, om die beurt in Engels en Hollands. Hoewel dit beskou kan word as die latere Suid-Afrika se eerste koerant, was dit “weinig meer as ’n staatskoerant” (Du Plessis 1943:9). In Oktober 1800 sou die koerant inderwaarheid self aankondig dis “improper and irregular” om ’n “public newspaper” in die hande van private individue te laat (Muller 1990:5).



Figuur 3. Die eerste uitgawe van *The Cape Town Gazette, and African Advertiser*

Bron: www.sahistory.org.za

Toe die Kaap in 1803 weer deur Hollanders ingeneem is, het die staatskoerant slegs in Hollands verskyn, met kennisgewings in Frans, Engels en Duits (Muller 1990:6). Ná die tweede Britse besetting in 1806 was die koerant weer tweetalig. As konteks kan genoem word dat die Kaap in 1806 ’n “wit” bevolking van 26 000 en altesame 30 000 slawe gehad het, met ongeveer 20 000 Khoi en mense van gemengde afkoms wat vir die wit bevolking gewerk het (Matisson 2015:36). Teen 1814 was daar 35 000 inwoners van “Europese afkoms” (Du Plessis 1943:306). (Daar is geen statistiek vir die ander groepe nie.)

Gedurende die kort tydperk van herbesetting deur die Hollands-Bataafse regering van 1803 tot 1806, is die blad as die *Kaapsche Courant* uitgegee (Hachten en Giffard 1984:23). In dié tyd was die blad eers tweetalig, maar gou slegs in Hollands. Hoewel dit nuus, advertensies en kennisgewings gedra het, was dit nie werklik ’n koerant nie. ’n Memorandum het ook aangedui dat dit onder direkte regeringsbeheer moes wees om “misbruik” te voorkom. Dit moes ook ’n bondgenoot teen rebellie en onkunde wees indien geredigeer deur ’n “lojale en bekwame redakteur”. Hierdie “lojale en bekwame” redakteur is gevind in die persoon van die mediese dokter Reinier de Klerk Dibbetz, wat dus die Kaap se eerste Hollands-Afrikaanse redakteur was, hoewel van ’n regeringsblad.

Ná die Britse besetting in 1806 het die blad voortgegaan as *The Cape of Good Hope Government Gazette* (Diederichs en De Beer 1998:88). Dit het ook weer as tweetalige blad verskyn (Hachten en Giffard 1984:23) en was gewild op die platteland danksy markverslae. Vanaf 1822 was dit selfs meer gewild omdat dit gedeeltelik in Hollands gepubliseer is terwyl Engels tot die Kaap se enigste amptelike taal verklaar is.

Dié staatskoerant sou egter vanaf 1828 volledig in Engels verskyn nadat Somerset Engels in 1822 as ampstaal geproklameer het (Du Plessis 1943:10). Albei die twee kolonistegroeperings,

die Hollanders en die Engelse, was in hierdie tyd ontevrede met die regering – ’n aanduiding van hul kritiek teen Somerset, wie se regering beskryf is as een van “personal persecution and tyranny” (Meurant 1885:6). In dieselfde jaar, in Mei, het Somerset boonop ’n proklamasie uitgevaardig wat vryheid van spraak verbied het (Du Plessis 1943:10–1). John Fairbairn het later geskryf dat Somerset die koloniste behandel het asof hulle “minderwaardig en agterlik” is (Fourie 1994:291). Somerset het die Kaap as ’n “despoot” geregeer, “tolerating no dissent, and ruthlessly persecuting those who dared inquire into his sometimes dubious dealings” (Hachten en Giffard 1984:25). Sy proklamasie op 24 Mei 1822 om vryheid van spraak te verbied het ook ’n verbod op openbare byeenkomste ingesluit, asook dat geen sake rondom openbare of politieke onderwerpe bespreek mog word nie (Du Plessis 1943:10–1).

Hierdie omstandighede het gelei tot die konfrontasie tussen die Britse koloniste – gewoon aan vryheid van spraak in hul land van herkoms – en die Kaapse goewerneur. Die hoofrolspelers was Somerset aan die een kant, en aan die ander, die reeds genoemde Fairbairn en Pringle, asook George Greig, wat saam beskou kan word as drie perspioniers in wat later Suid-Afrika sou word.

Ongeveer ’n jaar later, in Februarie 1823, het Pringle en die NG predikant Abraham Faure ’n prospektus vir ’n maandelikse tydskrif by Somerset ingedien (Du Plessis 1943:12). Die gevoel het naamlik “sterk begin posvat dat, al sou dit dan net ’n letterkundige en godsdienstige tydskrif wees, die koloniste hul eie blad moes hê”. Somerset het die versoek na Londen gestuur, waar dit uiteindelik toegestaan is op voorwaarde dat “alle onderwerpe van politieke of persoonlike kontroversie” uitgesluit sou wees (Meurant 1885:14).

In Julie daardie selfde jaar het Greig aansoek gedoen om ’n koerant te publiseer (Meurant 1885:14–7). Op 14 Augustus het die “despotiese goewerneur” geantwoord daar “was reeds soveel aansoeke”, dat “die saak [...] oorweeg [sal] word” en dat “ander [...] in elk geval voorkeur [sal] kry” (Du Plessis 1943:11). Aan ’n vriend het Somerset geskryf:

I foresee so much evil from an independent Press that I have shelved the matter so as to give time, but [...] it is one of the subjects which a person in office finds it difficult to word a refusal that can meet the public eye.

In Desember 1823 het Greig egter ontdek daar was geen bestaande wet “hostile to the publication in this Colony that prohibited the publication of a newspaper” nie (Meurant 1885:19). Dit het wel tydskrifte verbied. Greig het dadelik aan Somerset geskryf om sy voorgename blad, *The South African Commercial Advertiser*, te begin. Hy het onderneem “[t]o exclude most rigorously all personal controversy, however disguised, or the remotest discussion of subjects relating to the policy or administration of the Colonial Government” (Du Plessis 1929). Somerset kon nie verlos weier nie.

Die prospektus was gedateer 30 Desember 1823, met die adres “G. Greig, Printer, 1 Longmarket Street”. Die eerste onafhanklike nuusblad in Suid-Afrika het gevolglik op 7 Januarie 1824 verskyn. Die twee redakteurs, Pringle en Fairbairn, het, ondanks die verengelsingpolitiek van Somerset, samewerking met Hollandssprekendes probeer kry (Du Plessis 1943:15). Pringle en Fairbairn se leuse was “A People without a Press cannot be regarded as civilised”. Hulle het daarby gevoeg:

Let us not quibble about words. It does not matter who or what we are – whether we are English, German or Hollander – so long as we live here, have our homes here, and, as the interest of the country in which we live, is our interest, we can call ourselves African.

Die noodsaak van 'n vrye pers is in elke uitgawe beklemtoon, onder meer met “die welbekende uitdrukking van Johnson”: “The mass of every People must be barbarous where there is no Printing” (Nienaber 1943:10).

Meurant (1885:5) het later geskryf hy sou homself dikwels afvra hoekom persvryheid aan die Kaap onderdruk is, want sowel die Hollandse as die Engelse koloniste was “afkomstig van twee vryheidliewende volkere”.

Wat betref die tydskrif is die eerste Engelse uitgawe in Maart 1824 gepubliseer as *The South African Journal*, gevolg deur die Hollandse weergawe in April, *Het Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* – die blad waarvan Faure redakteur was. Die twee blaie sou om die beurt in Engels en Hollands gepubliseer word, maar reeds die tweede Engelse uitgawe in Mei het die goewerneur se misnoeë ontketen weens 'n verwysing na 'n “arbitrêre regeringstelsel en sy gevolge”.

Dit het gelei tot regeringsinmenging, met Pringle wat geweier het om te publiseer sonder beskerming teen Somerset se “despotiese” optrede. Die Engelse weergawe is verbied, maar die Hollandse weergawe het voortgegaan (Du Plessis 1943:12).

In dié tyd het die *Commercial Advertiser* ook meer “uitdagend” geword. Beriggewing rondom die wanpraktyke van 'n amptenaar (en vriend van die goewerneur) het daartoe gelei dat, pleks dat die amptenaar ondersoek is, die klaer gedagvaar is vir laster. Die klaer is wel vrygespreek, maar Somerset se fiskaal sou voortaan namens hom alle proewe van die *Advertiser* voor publikasie moes sien (Du Plessis 1943:15). Greig het geweier, waarop sy pers verseël is en hy 'n uitsettingsbevel gekry het (Meurant 1885:63). Hy moes die Kaap binne 'n maand verlaat, anders sou hy gearresteer word en “by the first possible opportunity” gedeporteer word.

Hoewel Greig se drukpers verseël is, was sy drukpersletters nie, en kon hy op Maandag, 10 Mei 1824, 'n pamflet met “Facts connected with the stoppage of the *South African Commercial Advertiser*” publiseer (Meurant 1885:65). Teen die middag is reeds “duisende” daarvan versprei (Nienaber 1943:10). Hy het geweier om deur die goewerneur uitgeset te word en het self na Engeland vertrek waar hy sy saak gaan stel het. Hy was suksesvol en kon na die Kaap terugkeer én sy koerant publiseer. Die volgende uitgawe het op 31 Augustus 1824 verskyn.

Dit was die eerste amptelike stryd tussen 'n koerant en 'n Suid-Afrikaanse regering (Claassen 1998:122). Die stryd sou egter nog vir die volgende vyf jaar voortduur, en die oorwinning vir persvryheid sou eers amptelik op 30 April 1829 in die sogenaamde “Magna Carta vir persvryheid”, Ordonnansie 60 van die Kaap die Goeie Hoop, vervat word (De Kock in Claassen 1998:122). Dit het, om na die aanhaling van Lord Russell te verwys, ook ander vryhede meegebring, want “[t]he Star of democracy had risen and that of autocracy was hastening to its setting” (Du Plessis 1929).

Die jaar 1829 het dus 'n nuwe era vir die Suid-Afrikaanse pers ingelui (Muller 1990:7). In 1943 is dit selfs gestel dat vanaf 1829 dit “onmoontlik” was vir bewindhebbers om die evolusie van die pers te stuit (Du Plessis 1943:19). Daar is ook gemeen dat die “bloudruk” van wat later sou ontwikkel, reeds in 1830 gevestig is, naamlik 'n binêre Engels/Hollands-Afrikaanse pers (Potter 1975:33) – 'n situasie wat sou bly tot die begin van demokrasie in die 1990's.

As konteks kan gekyk word na die samestelling van die Kaap se bevolking gedurende hierdie tyd: In 1797 was daar 1 566 manlike vryburgers (Muller 1990:5). Teen 1814 was daar 35 000 wit mense in die gebied bekend as die Kaapkolonie (Du Plessis 1943:306). Die aantal inheemse mense is onbekend. Kaapstad het bestaan uit 1 145 huise. In 1806 was daar 29 000 slawe, en met die afskaffing van slawerny op 1 Desember 1834 was daar 39 000 geregistreerde slawe (De Villiers 2012b:82–5).

In die volgende afdeling word die konteks van die Hollandssprekende burgery aan die Kaap kortliks belig.

4.1 Politieksosiale konteks: die apatie van die Hollandse burgery

Uit die etnisiteit van die individue wat vir persvryheid aan die Kaap geveg het, is dit duidelik dat die Hollandse koloniste nie daaraan deelgeneem het nie. Buiten Faure was daar geen ander Hollandssprekende wat in daardie stadium betrokke was in die totstandkoming van die vroeë pers nie.

Die apatie van die Hollandssprekende burgery is toegeskryf aan Somerset se outokratiese regering wat daartoe gelei het dat daar “amper geen belangstelling in openbare sake” onder die Hollanders was nie, buiten vir “'n handvol Anglo-manne aan die Kaap” (Du Plessis 1943:17–8). Ook De Kock (1982:36–8) skryf dat min leidende “Hollandse Afrikaners” belanggestel het in die persstryd. Volgens De Kock het Faure self geweier om 'n “memorial”, gerig aan die Britse koning, te teken rakend die Kaap se persvryheid – waarskynlik “to keep his nose clean with Somerset, who cuttingly remarked that Faure seemed very anxious [not] to focus attention on himself”.

Hoewel Faure nie aktief deelgeneem het aan die persstryd nie, en sy blad “in die algemeen politieke kwessies vermy het” (De Kock 1982:33), was dit waarskynlik die “warrelwind-teenwoordigheid en woeste geesdrif” van die kort (“stubby”), dinamiese Faure, ook beskryf as “bustling” (De Kock 1982:40), wat Pringle aan die gang gehou het om die pers as “'n instrument van openbare onderrig” (De Kock 1982:35) tot stand te bring.

Die Hollandse burgers is beskryf as 'n “conquered group” en sonder die selfvertroue van die *civis britannicus sum* van die Britse koloniste wat hul regte van 'n Britse regering geëis het (De Kock 1982:36–8). Hoewel in die meerderheid, is die Hollandse koloniste fyn dopgehou vir “rebellious traits” en bowendien voortdurend vermaan om met hul Engelssprekende mede-Kapenaars saam te smelt “in a single loyalty to the British flag”. Hulle is gevolglik onderwerp aan 'n streng verengelsingsbeleid waaronder Hollands as juridiese en amptelike taal afgeskaf is.

Isolasie het ook tot 'n “insular outlook” gelei, een wat die “gewoonte” van koerantlees boonop uitgesluit het (De Kock 1982:38). Die mees kenmerkende verskil tussen die twee “wit” bevolkingsgroepe was egter hul opvatting oor vryheid. Vir die Hollandse bevolking was vryheid gelyk aan die vryheid van die “volk”, of groep. Die Engelse het die regte van die

individu beklemtoon, soos gesimboliseer in vryheid van uitdrukking en persvryheid. De Kock (1982:38) het dit só geformuleer:

[t]o the Afrikaner the press simply never meant that much as a measure of personal freedom. It is a distinction which has influenced the approach of the two groups to the matter of the press to the present day. The Afrikaner sought his freedom within a political structure, that is, the republican ideal; the English-speaker had his rights guaranteed by one.

Die Hollandse burgery het gevolglik “teruggestaan” en “ietwat geamuseerd” die Engelse se geskil aanskou (De Kock 1982:38). Die proklamasie in 1822 van Engels as die enigste amptelike taal (ná die aankoms van die Britse Setlaars in 1820), het gepaardgegaan met die strategiese “invoer” van Skotse predikante vir die NG Kerk. Saam met Engelse staatsamptenare het alles bygedra tot ’n versnelde verengelsing van die Kaap (Du Plessis 1943:7). Kaapstad het ’n besliste Engelse karakter gekry, ook danksy “duisende Britse soldate”. Op die platteland was Hollands egter nog die *lingua franca* (Du Plessis 1943:75).

Hoewel apaties en sonder aktiewe deelname aan die politiek, het die Hollandse burgers tog “kennis geneem” van sake via die distrik se drosdy, later die verengelsde magistratskantoor (Du Plessis 1943:78). ’n Mens kan spekulêr dat die feit dat die Kaap vir 150 jaar deur ’n outokratiese direksie in die vorm van die Here XVII geregeer is, die Hollandse koloniste in elk geval nie geleentheid gegun het om aan plaaslike regering deel te neem nie, en dat wanneer hulle probeer het, hulle dadelik onderdruk is.

Die verengelsingbeleid het egter onverskillige burgers in aktiviste verander. Hierdie kultureel-politieke omstandighede het direk gelei tot die ontstaan van die Hollandse pers – spesifiek as ’n partydige pers (Du Plessis 1943:8). Die eerste Hollandse publikasie was gevolglik HNZAT, in 1824, en die eerste suksesvolle koerant *De Zuid-Afrikaan* (DZA), in 1830; albei belangrike mondstukke vir die Hollandse burgers.

Daar is gemeen dat die Hollandse bevolking in daardie stadium “geïndoktrineer” was om sonder ’n eie koerant klaar te kom. Jan Hendrik (Onze Jan) Hofmeyr (1913:44), Hollands-Afrikaanse perspionier wat redakteur van ’n blad was terwyl hy nog ’n tiener was, het later geskryf:

Voor de gewone burger van 1823 die met zijn buurman een pijpje rookte en gesprek voerde op de stoep van zijn woning op de Heerengracht, zou het id e van een private drukpers op te richten belachlik zijn geweest, en om een nieuwsblad uit te geven iets dat niet ver van krankzinnigheid verwijderd was. Alle drukwerk, dat gedaan moest worden, kon immers aan de goewernementskantoren verricht worden, en wat betrof een nieuwsblad, wel, zij waren reeds zo lang klaar gekomen daarzonder, dat de gedachte van de oude verordening te doen wijken voor het nieuwe, niet ver verwijderd zou zijn van heiligschennis.

Die sogenaamde “Magna Carta” vir persvryheid van 1829 was gevolglik ’n voorbeeld van ’n gebeurtenis met onbedoelde gevolge. Terwyl Engels die enigste amptelike taal was, het persvryheid nou beteken ook Hollandse blaai kon gestig word. ’n Nuwe era vir die Hollandse taal het aangebreek nadat Hollands as geskrewe taal, ook as kerktaal en gebruikstaal in die openbare lewe, onderdruk is deur die koloniale regering. Persvryheid het nou beteken dat ook die Hollandse pers kon ontwikkel. Dit sou later in ’n Kaaps-Hollandse pers, en later ’n Afrikaanse

pers, ontwikkel. Amptelike persvryheid het dus vir die paradoks gesorg dat terwyl slegs Engels erken is as ampstaal, die Hollandse pers kon ontwikkel as mondstuk vir die Kaaps-Hollandse koloniste (Du Plessis 1943:19–20).

Die volgende afdeling behandel die persona Abraham Faure en die eerste Hollandse publikasie waarvan hy die stigter was. Sy ander twee publikasies kom ook kortliks aan die bod, en van sy ander aktiwiteite word ook belig.

5. Abraham Faure, sy werk en sy lewe

5.1. Faure, die mens

Abraham Faure was skynbaar die regte persoon op die regte tyd op die regte plek. Verskeie bronne beskryf hom as 'n Renaissance-mens wat, hoewel klein van postuur, 'n groter as groot figuur in sy tyd aan die Kaap was (Bosman 1930; Dreyer 1930; Heyns 1946; Immelman 1961; De Kock 1982; South African History Online s.j.).

Faure is op 29 Augustus 1795 op Stellenbosch gebore – “in dieselfde maand en jaar van die eerste Britse inbesitname van die Kolonie” (Dreyer 1930:17) – en is op 28 Maart 1875 in Kaapstad oorlede (Heyns 1946:173; South African History Online s.j.). 'n Ander bron gee sy sterfdatum as 27 Maart (Gemeentegeschiedenis s.j.). Hy was 'n Hugenote-afstammeling en het toevallig kort voor die einde van sy studies in Amsterdam 'n Familiebybel wat dateer uit 1669 van Antonie Alexander, stamvader van die Faures in Suid-Afrika, ontdek (Heyns 1946:1). Hy het dit voor sy demissie aan die Kweekskool-biblioteek op Stellenbosch geskenk. Die Magisterstudie van Heyns (1946) bied waarskynlik die omvattendste blik op die mens Faure en sy tientalle bedrywighede tydens sy lewe en loopbaan.

Faure “was nog nie sestion jaar oud nie, toe hy die belangrike besluit geneem het om in die bediening te gaan” (Heyns 1946:3). Hy het aan die “Latynse skole” in Kaapstad gestudeer as voorbereiding vir sy teologiese opleiding (Heyns 1946:5). Faure is daarna, van 1814 tot 1815, na Gosport, Engeland, waar hy onder dr. David Bogue studeer het. Bogue was ook die stigter van die Londense Sendinggenootskap en het Faure “tot spoorslag gedien vir sy ywer om 'n kweekskool in sy eie land te stig” (Heyns 1946:6–8). Faure se opleiding was gefundeer in die “Calvinisme van die Puriteine wat aan 'n streng behoudende opleiding geglo het”. In 1816 is Faure na die “beroemde ‘Hogeschool’ [universiteit] in Utrecht”, waar die invloed van die Hollandse akademie op hom “nie maklik oorskat” kan word nie. Sy studie in Gosport was tydens 'n herlewing van “godsdienstige en sendingywer” (South African History Online s.j.).

In 1817 is die NG Kerk se posisie aan die Kaap beskryf as (Heyns 1946:101)

een van volkome ondergeskiktheid aan die staat. Die predikante was amptenare in diens van die goewerneur, omdat hy die verantwoordelikheid gedra het, vir sowel die geestelike as die stoflike welvaart van die kolonie. Hulle het maandeliks hul salaris van die regeringskantoor ontvang.

Kerkrade was aan die hoof van 'n betrokke gemeente “en dan verder aan die goewerneur ondergeskik” (Heyns 1946:102).




Figuur 4. 'n Jong Abraham Faure

Bron: <http://www.faure.co.za/faurefiles/en.faure-famous.html>



Figuur 5. Dr. Abraham Faure

Bron: <https://www.gemeentegeskiedenis.co.za/faure-abraham/>



Figuur 6. 'n Portretstudie van Faure wat in 'n vroeë blad aan die Kaap, *The Zingari*, van 2 April 1875, uitgawe V, verskyn het

Bron: Wikipedia

Op 20 Julie 1818 was Faure terug in Suid-Afrika waar hy kort daarna as predikant in Graaff-Reinet aangestel is (Heyns 1946:8). Gemeentelede was oor byna “die hele oostelike deel van die kolonie versprei”. Veral onder Bogue se invloed het Faure “daarvoor gewerk om ’n wakkere leeslus onder sy gemeentelede te kweek” (Heyns 1946:9–11). Hy het onder meer die staatsdrukkers op die dorp gebruik om sy preke uit te gee. In sy tyd op Graaff-Reinet het hy ook aandag gegee aan sendingwerk onder die “Hottentotte”.

Faure se aanstelling as predikant in die Groote Kerk in 1822 is nooit “met homself opgeneem nie” – hy het die kennisgewing “by toeval” in die staatskoerant gesien (Heyns 1946:13). Hy is skynbaar deur ’n gemeentelid by Somerset aanbeveel, “en die goewerneur het toe ook geen verdere navraag gedoen nie”.

Dié verplasing het daartoe gelei dat Faure een van die “leidende figure in die stadslewe van Kaapstad teen die middel van die neëntiende eeu” geword het, en hy “is ook deur almal daarvoor erken” (Heyns 1946:13). Hy het boonop ’n “byna indrukwekkende waardigheid gehad”. Sy huis was in Leeuwenrust, “skuins oorkant die gebou van die Suid-Afrikaanse Kollege [waarvan hy die stigter sou wees] aan die bo-einde van ’n klein straatjie wat vandag nog die naam van Faure dra” (Heyns 1946:14). Hy was “onvermoeid instrumenteel” in die stigting van dié eerste volwaardige skool vir jong mans aan die Kaap, wat later die South African College School (SACS) en die Universiteit van Kaapstad geword het (De Kock 1982:35). Hy het reeds as student in 1817 in Utrecht die Sekretaris vir Kolonies in Londen formeel genader om hoër onderrig aan die Kaap in te stel.

Daar word gesê dat ’n groot deel van sy “lewensukses” te danke was aan sy gesonde gesinslewe (Heyns 1946:15–6). Kort voor sy vertrek uit Graaff-Reinet is hy getroud met Isabella Caldwell, van Skotse afkoms, en sy “groot huisgesin met sewe seuns en vyf dogters het hom seker nie kommer verskaf nie”. Hoewel sy “amptelike korrespondensie-werk” besonder “afmattend” was, het hy tyd gevind “vir soveel aangename” briewe, “veral aan jongmense”, en “[p]rettig is die groot aantal lugtige gediggies en berymde goeie wense wat hy vir sy jong vriende gestuur het”. Ook:

Hy het sy hele lewe lank jonk gebly, ook toe hy aan die einde van sy lewe permanent bedlêend geword het, as gevolg van ’n verlamming, was hy nog altyd opgeruimd. Dit is verbasend om die sorgvuldigheid en getrouheid te sien, waarmee hy die duisende briewe beantwoord het, wat hy van mense uit alle dele van die samelewing ontvang het.

Daar word onder meer vertel dat hy een Saterdagoggend nog nie die slot van sy preek gehad het nie. Hy het die nag oor die preek gedroom “en die volgende môre ’n uitstekende slot, deur homself geskryf, op sy studeertafel gevind” (Heyns 1946:17).

Tog, die “grootste wonder van sy lewe was seker dat hy soveel bereik het, hoewel hy van jongsaf baie sieklik was” (Heyns 1946:17). Van vroeg in sy bediening kon hy sekere aktiwiteite nie nakom nie weens “langdurige siekte”. Daar word slegs met vaagheid na sy siekte verwys, maar dit was so erg dat hy by “’n paar geleenthede” tot “drie of vier maande verlof van die Kerkraad [moes] vra, selfs toe hy nog betreklik jonk” was. Hy het “graag na Kalkbaai sy toevlug geneem”. Daar is egter nêrens besonderhede van wat Faure se siekte behels het nie.

Faure was “van die begin van sy bediening [...] diep onder die indruk van die groot gevare, waaraan die Kerk blootgestel was, as gevolg van die gebrek aan ’n sentrale administratiewe gesag” (Heyns 1946:103). Sy byeenroep van die Eerste Sinode in 1824 het gelei tot “’n nuwe tydperk” in die kerk se geskiedenis (Heyns 1946:105). Die meeste van die sinodale take het op Faure se skouers gerus, insluitend om argivaris vir die Kerk te wees (Heyns 1946:107–16). Hy was ’n “uitstekende administrateur van fondse”, wat meegebring het dat hy ook verantwoordelik was vir die “predikante-weduweefonds” (Heyns 1946:117).

Nog ’n bron beskryf sy aandeel in die vorming van die vroeë NG Kerk só: Benewens die feit dat hy die “groot gees” agter die eerste sinode van 1824 was, was hy lid van die Kerk se uitvoerende bestuur, die Moderatuur, vir meer as 43 jaar, eers as sekretaris en toe as die registrateur van die Sinode (South African History Online s.j.). Terselfdertyd was hy die Kerk se argivaris en administrateur. Hy het hom ook beywer vir die bou van ’n tweede kerk in Kaapstad – iets wat tot groot onenigheid gelei het. Hy het wel in 1829 die NG gemeente Wynberg gestig, waar sy jongste broer, dr. Philip Eduard Faure, in 1834 as eerste leraar bevestig is (Gemeentegeschiedenis s.j.).

Faure het tegelykertyd ook sy merk gemaak as pionier in die opvoedkunde, as “verreweg die belangrikste beskermer van die onderwys in die kolonie” (Heyns 1946:139). Dreyer (1930:18) skryf hy “was ’n opvoeder van betekenis”, en dis danksy “sy bemoeinge [sic] dat die S.A. Kollege (ook genoem Athenaeum) in 1829 sy ontstaan te danke gehad” het. Hy was dosent in klassieke tale, en het ook in 1844 Sondagskole in NG gemeentes tot stand gebring (South African History Online s.j.). Die Athenaeum was nie net die voorloper van die latere Suid-Afrikaanse Kollege, of South African College School (SACS) nie, maar ook van die

Universiteit van Kaapstad (UK) (Gemeentegeschiedenis s.j.). Hy het ook in 1852 die leiding geneem in die viering van die kolonie se totstandkoming twee eeue vantevore.

Volgens Heyns (1946:140) staan “op die gebied van hoër onderwys [...] vandag twee monumente vir hom”. Die een is die Kweekskool op Stellenbosch “wat byna uitsluitlik die vrug is van die arbei en volharding van Faure”, en die Suid-Afrikaanse Kollege, ook die voorloper van die UK. Faure het tot 1873 in die kollegeeraad gedien.

Daarbenewens was hy ook “een van die groot weldoeners” van die “belangrike Kaapse skool” bekend as die “Tot Nut van ’t Algemeen”, die destydse grootste privaatskool in Kaapstad wat in 1804 gestig is (Heyns 1946:140). Faure het van 1830 totdat dit 40 jaar later gesluit is, “die grootste rol gespeel in die administrasie van die skool”. Onder sy leiding is die onderwys in die Hollandse taal so uitgebrei dat die “Tot Nut”, soos dit bekend was, een van die “magtigste middels geword het om die krag van die verengelsingspogings” af te weer. Die swak onderwysers in die “dagskole” elders het Faure laat skryf:

Het is maar al te waar dat er zoowel in de Kaapstad als in die buitendistrikten menschen gebezigd worden om de jeugd te onderwijzen, met wie ieder eerbaar mensch zich zoude schamen een enkel woord op straat te wisselen. (Heyns 1946:141)

Onder sy leiding het die Sinode ’n Kommissie van Opvoeding en Onderwys benoem, terwyl hy ook nooit “sy ambisie verloor [het] om vir Suid-Afrika ’n eie opleidingskool vir onderwysers te kry nie” (Heyns 1946:143–4). Hy het ’n opleidingskoolfonds begin en in Januarie 1849 is die opleidingsinrigting in Kaapstad geopen. In die eerste jaar was daar een student, die jaar daarna ses. Voor die studente hul studie kon voltooi, was die fondse egter uitgeput en moes die skool sluit (Gemeentegeschiedenis s.j.).

Wat betref Sondagskole het Faure hom “onvermoeid beywer” om dit in gemeentes te stig omdat hy “diep onder die indruk [was] van die magtige invloed wat van die Sondagskool in Engeland uitgegaan het” (Heyns 1946:145). Daarby was hy ook instrumenteel in die NG Kerk se biblioteek in Kaapstad waar hy die “eerste saakgelastigde” van die biblioteek was “omdat die werk in groot mate saamgeval het met sy sinodale verpligtinge” (Heyns 1946:149). Die “Dessiniaanse boekery”, die erflating van J.N. von Dessin (Immelman 1961:7), was die eiendom van die NG Kerk, maar Faure het die enigste seggenskap gehad oor die aankoop van boeke en “het groot moeite gedoen om teen billike pryse groot versamelings by vendusies” te kry. Benewens sy pionierswerk in die opvoedkunde word hy dus ook as “biblioteekpionier” beskryf (Immelman 1961:1). Hy het ook reeds in 1831 die Zuid-Afrikaansch Tractaat en Boek Genootschap gestig (South African History Online s.j.). In samewerking met N.J. Hofmeyr en John Murray het hy die Zuid-Afrikaansche Christelike Boeken Vereeniging in 1853 gestig.

Faure is beskryf as die “indrukwekkendste prediker” in die kerk danksy sy “imponerende preekstyl en voordrag” (Heyns 1946:29). Hy het met sy “ernstige en vermanende prediking by sy toehoorders ’n groot vrees en ontsag vir die regmatige oordeel oor die sonde ingeboesem”. Hy was bekend vir die “vuur waarmee hy die rampsalige lot van die goddelose in die hiernamaals geskilder het”. Sy jonger neef het Faure die “verkondiger van die ‘blood and hell theology’” genoem.

Hy was duidelik “een van die leidende persoonlikhede van sy tyd in kerklike en intellektuele kringe” (South African History Online s.j.). As mens was hy ernstig en konsensieus, en streng.

Faure was bekend vir sy werkvermoë, sy metodiese manier van werk, sy wye kring van kontakte in die hoogste ampte, en sy veelsydigheid, integriteit en wilskrag “wat hom in staat gestel het om soveel te bereik, ondanks swak gesondheid”.

“[E]rnstige kwessies” in sy tyd was onder meer die sitplekke in die kerk van die vroue van amptenare volgens laasgenoemde se range, wat tot “sitplekmoeilikhede” (Heyns 1946:32) gelei het. Daar was ook ’n “langdurige stryd” oor die gebruik van musiek by eredienste. Ouer gemeentede “kon nooit die orrel in die kerkgebou verdra” nie, met die “ou vraag”, naamlik “of die geestelike karakter van die Godsverering nie die gebruik van alle kunsvorme uitgesluit het nie” (Heyns 1946:37–8). Ook oor koorsang was daar groot onenigheid.

Hoewel “veelsydig en betrokke”, het die “algemene sielsorg” van Faure se gemeente “baie gely” weens sy swak gesondheid (Heyns 1946:42). Tog was Faure ook betrokke by die “Anti-Bandiete-betogings” waar hy namens sy gemeente die inisiatief geneem het (Heyns 1946:51–2). Hy wou eerder sien dat “godvrugtige immigrante” na die land kom, en dit het hom “baie seergemaak” dat die Kaap die “grond moes word vir so ’n belangrike eksperiment”.

Faure was ook reeds in 1818 een van die stigters van die SA Bybelvereniging (Dreyer 1930:18). Vir sy “onskatbare dienste [...] aan ons Kerk en Volk bewys”, het hy in 1862 ’n eredoktorsgraad van die Rutgers Universiteit, New Jersey, Amerika ontvang (Dreyer 1930:18; Heyns 1946:17) vir die “hoogtepunt” van sy lewenswerk, die stigting van die Teologiese Seminarie op Stellenbosch in 1859 (South African History Online s.j.).

Daar was voortdurend die een of ander stryd wat Faure “afgemat en sy wankelende gesondheid baie diep ondermyn het” (Heyns 1946:76–8). Ondanks sy swak gesondheid was Faure ook nou betrokke by staatkundige ontwikkelings aan die Kaap. Gedurende Faure se bediening van 50 jaar het die staatkundige struktuur van die Kaap ontwikkel van “Kroonkolonie”, tot die Raad van Advies, en drie jaar voor sy dood, “Verantwoordelike Regering”. “Teenoor al hierdie gebeurtenisse kon die kerk en sy dienaars nooit heeltemal onverskillig gestaan het nie.” Daarby was die NG Kerk ook direk onder die Britse bestuur “wat [aan] sy handeling in hoë mate perk en paal gestel het”.

Faure se politieke ingesteldheid is bepaal deur die feit dat hy “uit ’n familie uit die Westelike Provinsie [was] wat nog altyd die aansien van die Britse amptenare geniet het” (Heyns 1946:81). Hy het dit selfs “as growwe pligsversuim beskou om nie gereeld in die openbaar vir die Kaapse en Londense owerhede te bid nie”. Ook: “Met die goewerneur, by wie hy hoog aangeskrewe was, het hy diep meegevoel in die verantwoordelike plig wat hom deur ’n Hoër Hand opgelê was” (Heyns 1946:81). Dit was ook waarom hy nie ’n ondersteuner was van die burgers wat in 1838 uit die Kaapkolonie getrek het nie:

Dis om hierdie redes nie snaaks dat Faure met die sinode heelhartig akkoord gegaan het, en sy afkeuring te kenne gegee het oor die ontstellende wyse waarop honderde lidmate van die N.G. Kerk hulle gemeentes verlaat en sonder enige opgeleide kerklike leier die gevare van die woesterny tegemoet gegaan het. Faure het die herderlike brief van die Vyfde Sinode as Actuaris goedgekeur en onder die gemeentes laat versprei. In die brief is die “uitgewekene boeren” so veroordeel dat sommige predikante dit nie kon onderskryf nie. Die brief het die koloniste herinner aan hulle doopbelofte, voor die kansel afgelê, om die aardse gesag gehoorsaam te wees. Die toestande aan die oosgrens

was beslis treurig, maar Faure het geglo dat dit so 'n groot waagstuk vir die kerk en die beskawing nie geregverdig het nie.

Faure was oortuig dat die koloniste uit onkunde hul besluit geneem het: “Die trek was 'n opstandige daad wat volgens die Skrif nie goedgepraat kon word nie” (Heyns 1946:82). Faure self het 'n “ylingse poging” aangewend om die trek te keer. Oor die trekkers het hy later geskryf:

The rising generation, following the example of their parents, is growing up more expert in the use of the gun than the knowledge of the alphabet: that their ignorance and credulity make them dupes of every designing individual, whose influence would be counteracted if good and efficient schoolmasters and faithful, zealous clergymen were placed amongst them. They may extinguish a fire before it has spread devastation, if acting with prudence and firmness.

Hoewel hy krities was oor die “Boere in die binneland van Afrika”, het hy nooit “die minste twyfel daaraan gehad, dat die Kerk 'n besondere roeping teenoor hulle te vervul het nie” (Heyns 1946:97).

Faure het in 1867 sy emeritaat ontvang toe hy ná 45 jaar sy “herderstaf” in Kaapstad neergelê het, insluitend 43 jaar as “actuaris, argivaris en quaestor van die sinodale en predikante-weduweefonds” (Heyns 1946:173–4). Hy het in 1869 'n beroerte gehad wat hom bedlënd gemaak het, maar hy het nogtans die “genot zijner geestvermogens tot de laaste ure behouden”. Hy is op Paasoggend, 28 Maart 1875 in sy huis in Leeuwenrust oorlede. Heyns skryf:

Hoewel daar nooit vir hom 'n gedenkteken opgerig is nie, is die naam van Abraham Faure verewig in die werk wat hy gedoen het, nie alleen vir die Kaapse gemeente nie, maar vir die N.G. Kerk in sy geheel en die Hollandse kultuur in Suid-Afrika.

Faure het meer as 50 jaar in Kaapstad gewoon (Heyns 1946:19). Die stad het toe ongeveer 20 000 inwoners gehad, waaronder 8 246 “blankes” en ongeveer 7 000 slawe. Daar was vele “handelshuise” aan die Heerengracht, asook in St. Georges- en Strandstraat. In Langstraat, Breestraat en Loopstraat het baie mense gewoon, maar dit is as 'n “minder gegoede buurt” beskou.

Die volgende afdeling behandel die joernalistieke nalatenskap van Faure.

5.2 Faure en die eerste Hollandse publikasies

Dit is nie verrassend nie dat 'n veelsydige mens soos Faure ook die stigter van die Hollandse pers aan die Kaap was. Hy het reeds “vroeg in sy bediening [...] bewys gelewer dat hy vir die joernalistiek in hoë mate begaafd was” (Heyns 1946:122). Sy “ywerige publikasiewerk” in Graaff-Reinet het aan sy gemeente “'n groot diens bewys”. Hy het “vas geglo aan die mag van die gepubliseerde woord” danksy die invloed van Bogue en sy Engelse Traktaatgenootskap.

As redakteur van die drie tydskrifte wat Faure gestig het, was hy 45 jaar lank aktief, van 1824 tot 1869, en

[u]ndoubtedly, he succeeded in providing his compatriots, for the first time, with reading matter in their home language and with a local slant. The influence of these

journals during his 45 years of editorial work was without question of great significance. (Immelman 1961:4)

Hy word ook die “vader van die Suid-Afrikaanse literatuur” genoem omdat hy die eerste georganiseerde poging aangewend het om literatuur in die land te bevorder (Bosman 1930:9; South African History Online s.j.). Sy skryfwerk was hoofsaaklik religieus-eties en geskiedkundig, en hy was ’n leier in die Kerk se stryd vir die behoud van die kultuur van die Hollandsprekende koloniste.

Faure het van “die vroegste jare [...] ’n visioen gehad van ’n kerklike drukpers, waarmee hy die evangelie die kolonie wou indra, en daagliks in elke huis, aan elke huisgesin sy boodskap wou bring” (Heyns 1946:122). Hy was sy tydgenote ver vooruit met hierdie “pragtige vergesig”, want daar was nog geen letterkundige tydskrif in die kolonie nie:

Al gereelde publikasie wat daar was, was die regeringskoerant, wat in die eerste plek gebruik was om kennisgewings openbaar te maak, en nooit as ’n suiwer nuusblad beskou is nie. Die gedagte aan ’n eie kerklike tydskrif was beslis rewolusionêr. Dit sou egter die aansien van die N.G. Kerk verhoog, en grootliks meehelp om die kerk die voorste kultuurstryder in die belang van die Hollandsprekendes in Suid-Afrika te maak.

Faure wou reeds in 1822 ’n maandblad vir sy Graaff-Reinet-gemeente uitgee, maar sy planne “het in duie gestort” toe Somerset hom “skielik na die Kaap oorgeplaas het” (Heyns 1946:123–4). Hy sou die dorp se “uitstekende [staats]drukkers” vir sy blad gebruik. Sy verplasing na die Kaap het “[d]ie plattelandse pers [...] as gevolg hiervan net mooi ’n kwarteeu agteruitgesit”, maar “die tyd was ryp vir die joernalistiek in die kolonie”. Met “die letterkundige tydskrif wat in die agtiende eeu groot populariteit verwerf [het] in die meeste lande van Europa”, was daar in Suid-Afrika ’n “baie groot” behoefte aan “opvoedkundige leesstof, en binne die paar dekades van sy bestaan in Wes-Europa, het die tydskrif die invloedrykste van alle literêre produkte geword”. Kaapstad het dus “oorgenoeg geleentheid gebied vir Faure om met sy oorspronklike plan voort te gaan, en selfs daarop uit te brei”. Hy het “al dadelik ’n geesdriftige vennoot” gevind in die persoon van Pringle, toe Kaapstad se assistent-bibliotekaris. In 1823 het hulle besluit om saam die tydskrif uit te gee, “onder hul gesamentlike redaksie”, en om die beurt in Hollands en in Engels.

Vir Faure was die “hoofgedagte” om “die opvoeding aan te help” (Heyns 1946:124). Die tydskrif moes “onberekenbare dienste [...] bewys om die algemene kennis van die Kaapse inwoners uit te brei, maar eerste het by hom gestaan godsdiensonderwys”. Die Hollandsprekendes het die meeste na godsdienstige lektuur gevra, iets wat “op die platteland die meeste byval sou vind”. Plus: “Dan kon hy ook so ’n blad inrig om diens te doen as ’n algemene nuusblad”. Die goewerneur se goedkeuring was onderhewig daaraan dat hulle “duidelik [moes] belooft dat dit hulle groot oogmerk sou wees om die blad te vrywaar teen kwade invloede, waarvoor die joernalistiek al dikwels in die verlede verantwoordelik was”. Die “discussion of all controversial and agitating topics” sou uitgesluit wees. Die minister van kolonies in Londen het in sy goedkeuring van die tydskrif geen beswaar gehad teen ’n letterkundige tydskrif nie, maar “streng gewaarsku teen die bespreking van enige politieke vraagstuk”.

Die eerste uitgawe van *The South African Journal* het dus in Maart 1824 verskyn, soos vroeër beskryf, met die eerste tydskrif in Suid-Afrika in Hollands, *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* (HNZAT), in April. Heyns (1946:125) skryf:

Dit is van belang om op te merk dat die eerste letterkundige tydskrif in Hollands verskyn het, te midde van die ernstige pogings tot verengelsing wat aan die gang was. [...] Die belangrikste enkele kulturele instelling was nog die Hollandse Kerk tot op daardie tyd.

Die bevordering van “godsdienst, benewens letteren en wetenskappen” was die hoofdoel, maar Faure het in sy voorwoord geskryf dat godsdienst, “die hechte steun van waar geluk, altyd op den voorgond staan” (Faure 1824:4). Volgens Kannemeyer (1978:30) het HNZAT “’n belangrike rol gespeel” as mondstuk vir die Maatschappij ter Uitbreiding van Beschaving en Letterkunde. Ook Kannemeyer (1978:28) skryf HNZAT moes godsdienst bevorder, benewens die lettere en wetenskappe. Onder meer is groot dele van Jan van Riebeeck se *Dagverhaal* gepubliseer.

Pringle se tweede uitgawe het ’n artikel bevat wat die “toorn” van Somerset “opgewek” het (Heyns 1946:125–6) en die Engelse uitgawes is gestaak. Volgens Heyns strek dit

Faure tot besondere lof en getuig van sy moed en vasberadenheid dat hy hom nie deur sy medestander se vroegtydige terugslag laat ontmoedig het nie. Hy het die werk voortgesit, en die blad omgeskep in ’n suiwer Hollandse, tweemaandelikse publikasie.

Immelman (1961:4) skryf

[h]ow Faure, however, managed to steer clear of Lord Charles Somerset’s embargo on publications, as applied to Fairbairn and Pringle between 1824–1828, can partly be explained by his adroitness and scrupulous care in avoiding any political comment. In accounts of the struggle for the freedom of the press in the 1820’s, the fact that Somerset’s injunction against publishing was never applied to Faure’s journal, has never been sufficiently stressed.


Vir Immelman (1961:4) kan die belangrikheid van Faure se blad nie genoeg beklemtoon word nie juis omdat dit die enigste Hollandse publikasie was. Faure was redakteur totdat die HNZAT in 1843 “plek gemaak het” vir ’n suiwer kerkblad (Bosman 1930:9). Hy het intussen “onskatbare” hulp gekry van dr. A.N.E. Changuion wat die werk in 1833 by hom oorgeneem het onder die vaandel van die Maatschappij ter Uitbreiding van Beschaving en Letterkunde.

Faure het graag “gediggies en artikeltjies” van lesers geplaas om oorspronklike werk aan te moedig, “al was dit dikwels niks meer as vermaaklik nie, en oor onbenullige dinge”; “[i]ets van buitengewone letterkundige gehalte tref ’n mens nêrens in die ‘Tijdschrift’ aan nie” (Heyns 1946:126). Letterkundige werk was “in die trant van die romantiese werke, wat in die agtiende eeu so volop in Nederland was”.

Daar was wel “nuusberigte” in die vorm van belangrike toesprake, asook verslae van genootskappe, en oor die buiteland is berigte geplaas wanneer hulle beskikbaar was (Heyns 1946:127). Elke uitgawe het ’n “Zuid-Afrikaansche Kronijk” gedra met algemene nuus van die Kolonie, wat meer dikwels uit kerknuus bestaan het. Later sou dit gereeld oor die Groot Trek verslag doen (Muller 1990:9). Daar was ook ’n groot verskeidenheid van geskiedkundige artikels, dikwels in reekse aangebied (Heyns 1946:127). Volgens Claassen (1998:122) het HNZAT se wye verskeidenheid van artikels die godsdienstige ingesteldheid van sy redakteur en die Hollands-Calvinistiese samelewing aan die Kaap weergegee. Die blad het artikels oor

die geskiedenis van die Hollandse koloniste gedra en was uiteraard die eerste om op die Kaapse politieke, godsdienstige, kuns- en sosiale lewe te fokus.

As in gedagte gehou word dat Faure in dié tyd “veel gely het as gevolg van sy swak gesondheid, en dat daar nooit ’n enkele uitgawe oorgeslaan is nie, kan ons nie anders as om groot eerbied vir die man te hê nie”, skryf Heyns (1946:127). Buiten sy redaksionele pligte was hy ook die belangrikste bydraer tot die blad se inhoud, wat beteken dit is “die grootste letterkundige erfenis wat ons van hom het”. Hy is daarom die eretitel wat hy in later jare ontvang het, naamlik “vader van die Zuid-Afrikaansse literatuur”, “in alle opsigte waardig”, aangesien sy werk die “eerste suksesvolle stoot aan die beoefening van letterkunde in Suid-Afrika” was (Bosman 1930:9).



Figuur 7. Die voorblad, links, en die redakteursbrief of “Voorrede”, regs, van die eerste *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tydschrift*. Bron: US Africana-Versameling. Foto’s: Lizette Rabe

Intussen het Faure ook “’n groot aantal versoeke” gekry om ’n kerkblad uit te gee. In 1837 het hy ’n “ernstige siekbed” beleef, maar voor die einde van die volgende jaar het hy ’n prospektus vir ’n kerkblad aan die koloniale regering voorgelê, en in Oktober 1838 is die eerste *De Honigbij* uitgegee (Heyns 1946:129). Dit het al Faure se aandag gevra, en Changuion het HNZAT oorgeneem. HNZAT het tot in 1843 bestaan, waarna dit in 1877, aan die begin van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging, herleef het onder die redaksie van J.H. Hofmeyr (“Onze Jan”).

De Honigbij was 'n maandblad vir “godsdienisminnende lezers”, met die slagspreuk “De vrees des Heeren, is wijsheid” (Heyns 1946:129). Faure het “gewaak teen artikels of berigte wat aanstoot kon gee aan iemand of 'n pennestryd uitlok” (Heyns 1946:133). Die blad was ook deel van die “kultuurstryd” en slegs die Hollandse taal is gebruik, wat mense “aangemoedig [het] om 'n goeie gehalte letterkundige produk te lees, en self te probeer iets lewer”. In 1849 het die laaste uitgawe van *De Honigbij* verskyn, met onmiddellik daarop *De Gereformeerde Kerkbode*, later *De Kerkbode*, vandag slegs *Kerkbode* (Kerkbode s.j.). In die begin was dit 'n halfmaandelikse blad en sy uitgewer was die reeds genoemde B.J. van de Sandt, 'n vriend van Faure en iemand met wie hy “saamgestry het vir die handhawing van die Hollandse taal in sy ongelukke stryd teen die onverdraagsaamheid van die Engelse pers” (Heyns 1946:135).

In die volgende afdeling word die ontwikkelinge wat gevolg het op die basis wat deur Faure se publikasies gelê is, kortliks bespreek.

5.3 Faure se werk as fondament vir verdere publikasies

Faure se uitgewers- en intellektuele werk het die grondslag gelê vir die ontwikkeling van die Hollandse uitgewerswese aan die Kaap.

HNZAT, wat tot 1843 bestaan het, is in 1878 deur Hofmeyr heruitgegee as *Het Zuid-Afrikaansch Tijdschrift*, en het tot in 1893 bestaan (Claassen 1998:122). In 1826, twee jaar ná die stigting van HNZAT, is die eerste poging tot 'n Hollandse koerant, *De Verzamelaar*, uitgegee (Diederichs en De Beer 1998:88). Dié blad se redakteur kan beskryf word as verteenwoordigend van die “mengelmoes” (“medley”) van nasionaliteite waaruit die Hollands-Afrikaanse bevolking bestaan het (Rabe 2020:75; 77). Die redakteur, Josephus Suasso de Lima, was naamlik 'n Hollands-Portugese Jood, ook met 'n fisiese gebrek genaamd kifose, 'n abnormale ruggraat wat tot 'n boggelrug gelei het. Sy blad was nie volhoubaar nie en was in 1830 bankrot.

'n Ander blad wat spesifiek vir die Hollands-Afrikaner voorspraak gemaak het, was *De Zuid-Afrikaan* (DZA), wat in 1830 gestig is (Wigston 2007:34). Die redakteur was advokaat Christoffel Brand, wat ongewild by die Kaapse koloniale owerheid was omdat hy suksesvol sake teen die regering verdedig het. Die blad is grotendeels gestig as reaksie teen die “indifference of the English press to the Afrikaner’s needs and the attempted anglicisation of the Afrikaner by the government”. Fairbairn het die spot gedryf met die ondersteuners van die blad en hulle neerhalend beskryf as “eminent growers of cabbages” (De Kock 1982:86–9). In 1827 het Fairbairn die Hollandse koloniste geloof vir hul “liefde vir vryheid” en dat hulle die “reg op vryheid” in hul harte gekoester het, maar in 1832 het hy gemeen hulle moet beseef die Kaap is 'n Britse kolonie, “captured by British bayonets and purchased with British gold”.

Die Kaap het 'n hele aantal “eksentrieke” karakters gelok wat elk hul deel bygedra het tot die ontwikkeling van die pers (De Kock 1982:94–5). Die reeds genoemde De Lima, die “hunchback of Portuguese-Jewish descent”, is deur die VOC afgedank ná die “wangebruik” van sekere dokumente, waarna hy hom besig gehou het as skrywer, boekverkoper, uitgewer, vertaler en polemikus. Sy *De Verzamelaar* in 1826 was in daardie stadium die sewende publikasie aan die Kaap. Toe sy drukpers “opgeraap” is deur die DZA onder die redakteurskap van sy “aartsvyand” Charles Etienne Boniface nadat hy bankrot gespeel het, was dit vir hom 'n verdere belediging. Boniface was 'n “twissieke” Parys-gebore Fransman, ook 'n musiekkenner en dramaturg, wat in 1807 in die Kaap aangekom het. Hoewel De Lima en Boniface

aanvanklik saamgewerk het, het daar 'n antagonisme tussen hulle “losgebars” wat die Kaap “lank vermaak het”.

Nog 'n “kwiksilwer” karakter was Cornelis Moll, wat saam met Boniface die “odd couple of early newspapering” gevorm het (De Kock 1982:94–5). Tussen hulle het hulle uiteindelik blaai in drie provinsies gestig; die meeste het maar kort bestaan. Moll en Boniface is beskryf as dat hulle “more than once [...] just one step ahead of the law” was, en albei was “disorganised and disdainful of regulations regarding the press”. Moll was die 24ste kind van 'n Swellendamse predikant (“wat dalk iets daarmee te make kon hê”). Moll se eerste blad was *The Moderator*, gestig in Januarie 1837. Hy het twee jaar lank probeer om bankrotskap te vermy deur onder meer die naam na *De Mediator* te verander, maar was uiteindelik in 1840 bankrot, waarna hy as setter vir verskillende blaai gewerk het, asook as “a jack of all trades”, insluitend as slagter. Dit was juis nadat hy daarvan aangekla is dat hy 'n skaap gesteel het dat hy en Boniface “net betyds” uit die Kaapkolonie na Port Natal gevlug het. Ná vele mislukte blaai daar het Moll uitgewyk na die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) waar hy die eerste blad gepubliseer het, naamlik die *Staats Courant*. Dit was nadat hy, gedruk deur sy krediteur in Port Natal, sy klein handpers op 'n perdekar gelaai het “and raced for the [ZAR] border” (De Kock 1982:95). Die ZAR se eerste blad in 1857 is vanuit wat toe sy hoofstad was, Potchefstroom, gepubliseer. Moll het daarna die “august post of landdrost” in die ZAR bekleed. Die drukkerij het hy aan sy drukkerseun, Cornelis Petrus, oorgegee.

6. Ten slotte

Die doel van hierdie artikel was om die ontstaan van die Hollandse pers aan die Kaap te belig, die stryd om vryheid van spraak, en spesifiek die rol van Abraham Faure. Faure, as sentrale figuur, was, ondanks siekte wat hom gereeld en soms vir maande onbekwaam gelaat het, 'n verbysterend veelsydige en produktiewe mens. Hy was instrumenteel in die vestiging van die struktuur van die vroeë NG Kerk, maar het ook 'n veel wyer opvoedkundige en letterkundig-kulturele rol gespeel, waarvan dié as stigter-redakteur van HNZAT 'n fokus van hierdie artikel was. Die artikel het 'n chronologiese mediageskiedkundige narratief gebou om dié tydperk, asook oor die werk van Faure as grondlegger vir die ontwikkeling van wat uiteindelik die Afrikaanse joernalistiek sou word. 'n Oorsig van die konteks van die Kaap is eerstens aangebied, waarop Faure se kerklike en joernalistieke werk in 'n lewenskets bespreek is. Deur vir sy landgenote vir die eerste keer leesstof in hul eie taal en met 'n plaaslike inhoud te skep, was sy werk inderdaad “without question of great significance” (soos ingeskat deur Immelman), en het sy pionierswerk die grondslag gelê vir die ontwikkeling van die Hollands-Afrikaanse joernalistiek.

Bibliografie

- Altschull, J.H. 1990. *From Milton to McLuhan*. New York en Londen: Longman.
- Berger, A.A. 2011. *Media and communication research methods*. Thousand Oaks: SAGE.
- Bosman, D.B. 1923. *Oor die ontstaan van Afrikaans*. Uitgewer onbekend.

- Bosman, F.C.L. 1930. *Hollandse joernalistiek in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu*. Oordrukke uit *Ons Land* van 8 April 1930.
- Brown, R.D. 2003. Microhistory and the post-modern challenge. *Journal of the Early Republic*, 23(1):1–20.
- Carr, E.H. 1961. *What is history?* Londen: MacMillan & Co.
- Claassen, G. 1998. Magazines. Life's own story. In De Beer (red.) 1998.
- Coetzee, A. 1938. *Die opkoms van die Afrikaanse kultuurgedagte aan die Rand*. Uitgewer onbekend.
- Conboy, M. 2012. *How journalism uses history*. New York: Routledge.
- De Beer, A.S. (red.). 1998. *Mass media towards the millennium*. Pretoria: Van Schaik.
- De Kock, W. 1982. *A manner of speaking*. Kaapstad: Saayman & Weber.
- De Villiers, E. 2009. Negotiating femininity: SA teenage girls' interpretation of teen magazine discourse constructed around *Seventeen*. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- De Villiers, J. 2012a. Geskiedeniswetenskap en die Nuwe Suid-Afrika – Moet die Suid-Afrikaanse geskiedenis herskryf word? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 52(2):196–208.
- . 2012b. Die Kaapse samelewing onder Britse bestuur, 1806–1834. In Pretorius (red.) 2012.
- Diederichs, P. en A.S. de Beer. 1998. Newspapers. The Fourth Estate: A cornerstone of democracy. In De Beer (red.) 1998.
- Dreyer, A. 1930. *Lewenssketse van Hollandse joernaliste in Kaapland*. Oordrukke uit *Ons Land* van 8 April 1930.
- Du Plessis, J.H.O. 1929. The rise of the press in South Africa. *Cape Times*, 9 Mei.
- . 1943. Die Afrikaanse pers: 'n Studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as sosiale instelling. Doktorale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.
- Du Plooy, G.M. (red.). 1995. *Introduction to communication*. Kenwyn: Juta.
- . 2009. *Communication research techniques, methods and applications*. 2de uitgawe. Kaapstad: Juta.
- Ekron, Z. 2010. An internet strategy for a niche magazine: A uses and gratifications approach. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
-

- Faure, A. 1824. HNZAT. Voorrede tot die eerste uitgawe. April.
- Fourie, P.J. 1994. Nederlandstalige en Afrikaanstalige media. Internationale colloquium Nederlands in de wereld. Brussel: Vrije Universiteit Brussel Press.
- . 2007. Theoretical approaches. In Fourie (red.) 2007.
- Fourie, P.J. (red.). 2007. *Media studies. Media history, media and society*. 2de uitgawe. Kenilworth: Juta.
- Furet, F. 1983. Beyond the Annales. *The Journal of Modern History*, 55(3):389–410.
- Gemeentegeskiedenis. s.j. Abraham Faure. <https://www.gemeentegeskiedenis.co.za/faure-abraham> (11 Desember 2020 geraadpleeg).
- Giliomee, H. en B. Mbenga. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Given, L.M. (red.). 2008. *The Sage encyclopedia of qualitative research methods*. Deel 1. Los Angeles, Londen, Nieu-Delhi, Singapoer: SAGE.
- Hachten, W.A. en C.A. Giffard. 1984. *Total onslaught: The South African press under attack*. Johannesburg: McMillan.
- Heyns, H.A. 1946. Die kerklike werksaamhede van Abraham Faure. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Hill, C. 1972. *The world turned upside down*. Penguin (Kindle-uitgawe, 2020).
- Hofmeyr, J.H. 1913. *Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr*. Uitgewer onbekend.
- Immelman, R.F.M. 1961. *Dr. Abraham Faure, book provider and library pioneer*. University of Cape Town Libraries Reprint Series, Nr. 2 (herdruk).
- Jensen, K.B. (red.). 2002. *A handbook of media and communication research: Qualitative and quantitative methodologies*. New York: Routledge.
- Johnson, S. en P. Prijatelj. 2007. *The magazine from cover to cover*. New York: Oxford University Press.
- Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur* (I). Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Kerkbode. s.j. <https://kerkbode.christians.co.za> (31 Desember 2020 geraadpleeg).
- Laden, S. 2001. Making the paper speak well, or, the pace of change in consumer magazines for black South Africans. *Poetics Today*, 22(2):515–48.
- . 2015. Who's afraid of a black bourgeoisie? Consumer magazines for black South Africans as an apparatus of change. *Journal of Consumer Culture*, 3(2):191–216.
-

- Lundy, K.S. 2008. Historical research. In Given (red.) 2008.
- Matisonn, J. 2015. *God, lies and spies*. Vlaeberg: Missing Ink.
- McCracken, D. 2018. In pursuit of media history bunk. In Tomaselli (red.) 2018.
- McKay, J. 2002. *The magazine handbook*. New York: Routledge.
- Mellet, T. 2020. *The lie of 1652 – A decolonised history of land*. Kaapstad: Tafelberg.
- Meurant, L.H. 1885. *Sixty years ago, or reminiscences of the struggle for the freedom of the press in South Africa and the establishment of the first newspaper in the Eastern Provinces*. Kaapstad: Saul Solomon & Co (Faksimilee-uitgawe Africana Connoisseurs Press, 1963).
- Mouton, J. 2001. *How to succeed in your master's and doctoral studies: A South African guide and resource book*. 1ste uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Muller, C.F.J. 1990. *Sonop in die suide*. Kaapstad: Tafelberg.
- Nänny, P. 2007. Vooruitsigte van die Afrikaanse tydskrifmark: Die lewenskragtigheid van Afrikaans, en hoe dit manifesteer in die lewenskragtigheid van Afrikaanse tydskrifte oor die korttermyn. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Nienaber, P.J. 1943. 'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika, Tweede Trek-reeks, nr. XXV. Bloemfontein, Kaapstad en Port Elizabeth: Nasionale Pers.
- Odiambo, T. 2008. The black female body as “a consumer and a consumable” in current *Drum* and *True Love* magazines in South Africa. *African Studies*, 67(1):71–80.
- Palliser Lecture 2020. Should history carry a health warning? <https://www.akf.org.uk/events/should-history-carry-a-health-warning> (2 Desember 2020 geraadpleeg).
- Potter, E. 1975. *The press as opposition. The political role of South African newspapers*. Totowa, NJ: Rowman and Littlefield.
- Precht, R.D. 2017. *Erkenne dich selbst. Eine Geschichte der Philosophie II*. München: Wilhelm Goldmann Verlag.
- Pretorius, F.J. (red.). 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika. Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg.
- Rabe, L. 1985. Die ontstaan en ontwikkeling van *Sarie Marais* as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- . 1994. 'n Kultuurhistoriese studie van die Duitse nedersetting Philippi op die Kaapse Vlakte. Doktorale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

- . 2014. Reflections on writing about writing media history, or, the mapping of certain paradigms and certain philosophies in researching a media historiographical project. *Historia*, 59(2):10–27.
- . 2016. *Huisgenoot* as tydgenoot: ’n Mediageskiedkundige kroniek van ’n tydskrif as “skrif” van sy tyd. *LitNet Akademies*, 13(3):55–84. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2016/12/LitNet_Akademies_13-3_Rabe_55-84.pdf.
- . 2019. ’n Landboublad as “sosiale barometer”: *Landbouweekblad* as aanwyser van een eeu se landbou-ontwikkeling. *LitNet Akademies*, 16(1):207–44. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2019/06/LitNet_Akademies_16-1_Rabe_207-244.pdf.
- . 2020. *A luta continua – A history of media freedom in South Africa*. Stellenbosch: AfricanSunMedia.
- Rossouw, E. 2005. Die fragmentasie in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifmark: Die invloed van “vrou-gerigte” nistydskrifte op die “tradisionele algemene belangstelling”-vrouetydskrif. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- . 2021. Making sense of the message: An analysis of the editor’s letter in three archetypal South African women’s magazines at the start of the 21st century. Doktorale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.
- Scannell, P. 2002. History, media, communication. In Jensen (red.) 2002.
- Schoombee, E. 1924. ’n Beoordeling van *Die Huisgenoot* as tydskrif. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Sonderling, S. 1995. Historical research in communication. In Du Plooy (red.) 1995.
- South African History Online. s.j. Abraham Faure. <https://www.sahistory.org.za/people/abraham-faure> (22 November 2020 geraadpleeg).
- Stroud, R.A. 1987. “Wie es eigentlich gewesen” and Thucydides. *Hermes*, 115(3):379–82.
- Teer-Tomaselli, R. 2014. Media and empire in the 20th century. *Critical Arts*, 28(6):875–8.
- Timeline. 2006. History of the SA Print & Advertising Industry. PMSA. (Dokument in besit van skrywer.)
- The Constitution. s.j. <https://www.whitehouse.gov/about-the-white-house/the-constitution/#:~:text=The%20First%20Amendment%20provides%20that,the%20right%20to%20bear%20arms> (28 Desember 2020 geraadpleeg).
- Thom, H.B. 1937. Nasionalisme in ons geskiedenis. *Die Stellenbosche Oud-Student*, September, bl. 13.
- Tomaselli, K. (red.). 2018. *Making sense of research*. Pretoria: Van Schaik.

Townsend, S. 2004. Herposisionering/vernuwing in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifmark, met spesifieke verwysing na innoverende inhoud. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Van der Linde, F. 2010. Magazines and their online counterparts: How magazine websites compete or complement the print publication in terms of circulation figures, advertising income and editorial content. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Verbeeck, G. 2000. A new past for a new nation? Historiography and politics in South Africa – a comparative approach. *Historia*, 45(2):387–410.

Visser, W. 2012. Die ontwikkeling van vakbonde en georganiseerde arbeid. In Pretorius (red.) 2012.

Wigston, D. 2007. A history of South African media. In Fourie (red.) 2007.

Woolf, D. 2011. *A global history of history*. New York: Cambridge University Press.

Yutar, D. 1995. *Freedom of the press in a post-apartheid South Africa*. Green College, Oxford, Reuter Foundation, Hilary Termyn.

Eindnotas

¹ Aanhalinge uit nie-Afrikaanse bronne is deur die skrywer vertaal.

² As tersyde: Dié M-verhandeling is geskryf deur Elizabeth (Betsie) Schoombee, wat later met H.F. Verwoerd sou trou.